Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# AAN DIE RAAD

Maandag 11 April 2022

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoud

INLEIDING....4
TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH....6
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting....6
1.2 Bestuur van die Covid-19-pandemie....9
1.3 Kommunikasie oor Covid-19 en die voorgestelde inentingsreël....10
1.4 US in die Nuus (11 November 2021–17 Februarie 2022)....11
1.5 Strategiese beplanning op institusionele vlak....13
1.6 Bou die US se institusionele kultuur op grond van waardes....13
1.7 SU-UIC gereed vir ISS-gehalteversekering....13
1.8 Finansiële lewensvatbaarheid kernoorweging in programontwikkeling....14
1.9 Ons gesamentlike reis na ’n nuwe US-handelsmerk....14
1.10 Heelwat belangstelling in Afrikaanse vertaling....15
1.11 Inspuiting vir skryfkonsultasies....15
1.12 Regsdienste verseker goeie oorsigbestuur en voldoening....15
1.13 Institusionele komitees....16
1.14 Geïntegreerde kommunikasie....16
1.15 Herontwikkeling van die US se webtuiste....16
1.16 SUNFin....17
1.17 SUNStudent....17
1.18 Risikobestuur en sekuriteit....17
1.19 Kampusvernuwing....18
1.20 Geïntegreerde raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling op kampus....21
1.21 Botaniese Tuin....21
1.22 Nuwe fokusgebiede vir Informasietegnologie....22
1.23 Institusionele oudit onderweg....22
1.24 Transformasie....22
TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING....23
2.1 Assessering....23
2.2 Desember 2021-gradeplegtighede....23
2.3 Eerste SAGT-student gradueer....24
2.4 Voorgraadse FGGW-toewydingsplegtighede....24
2.5 Verbreed toegang met nuwe aansoekproses....24
2.6 Toelatingsaanbiedinge....25
2.7 Registrasie- en fooiewebblad....25
2.8 Inskrywings deur nuwelingeerstejaars....25
2.9 Verwelkoming 2022....26
2.10 Institusionele transformasiekomitee vir studente....27
2.11 Implementering van Taalbeleid in studentegemeenskappe....27
2.12 Gesprekke oor meertaligheid in studentegemeenskappe....27
2.13 Kritiese digitale pedagogieë in die soeklig....27
2.14 Sessie oor gestremdheidsteun aangebied....28
2.15 Eweknie-leerfasilitering....28
2.16 Monitering van geslagsgebaseerde geweld....28
2.17 Siyakhula ResEd-program....28
2.18 Matie-atlete blink uit....28
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE....29
3.1 Innovus....29

3.2 Stellenbosch Netwerk ........ 30
3.3 Ontwikkelings in AUDA-NEPAD Sentrum van Uitnemendheid ........ 30
3.4 ADA Somerskool ........ 30
3.5 Keniaanse Sportakademie besoek Stellenbosch ........ 31
3.6 Onderriggenootskappe en -bevordering ........ 31
3.7 US–UK–FirstRand-vennootskap vir gestremdheidsopleiding ........ 31
3.8 Skryflaboratorium se werksessies weer in kontakvorm ........ 31
3.9 Samewerking deur Nadoktorale Kantoor ........ 32
3.10 US Museum ........ 32
3.11 US Woordfees, WOW en US Koor ........ 32
3.12 Sosiale Impak-kennisplatform ........ 32
3.13 SDG/2063 Hub ........ 33
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER ........ 34
4.1 Voorstelle en ’n vennootskap vir hibridiese leer ........ 34
4.2 Gesamentlike skole en akademieskap met Afrikavennote ........ 35
4.3 Uitgebreide leerruimtes ........ 35
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK ........ 36
5.1 Nadoktorale Navorsingskonferensie van Suider-Afrika ........ 36
5.2 Nóg NNS-gegradeerde navorsers vir die US ........ 36
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER ........ 37
6.1 Senior aanstellings ........ 37
6.2 Personeelwelstand ........ 37
6.3 Intreelesingreeks ........ 37
SLOT ........ 38
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE ........ 39
Meningsartikels (3 November 2021 tot 23 Februarie 2022) ........ 39
Rubrieke (3 November 2021 tot 23 Februarie 2022) ........ 43
MEDEWERKERS ........ 46

## INLEIDING

Welkom by die eerste Raadsvergadering van die Universiteit Stellenbosch (US) vir 2022. Ons ontmoet in ’n akademiese klimaat wat tekens begin toon van ’n terugkeer na die een of ander vorm van normaliteit ná die veeleisende twee jaar sedert die aanvang van die Covid-19-pandemie. Die gewoel op kampus noudat ons studente terug is, laat ’n mens inderdaad voel dat ons uiteindelik weer ons volle waardevoorstel as ’n residensiële universiteit kan lewer.

Julle is almal bewus van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) se besluit om so gou moontlik na kontakleer en -onderrig terug te keer. Ons het dit dus goedgedink om met die ARTLA-metode voort te gaan, d.w.s. afstandsonderrig en -leer wat met soveel moontlik kontaktyd aangevul word. Ons sal hierdie metode vir die hele eerste semester volg. Assessering sal in kontakvorm en onder toesig op kampus plaasvind. Nes in 2020 en 2021 sal fakulteite besonderhede oor die onderrigmetode in elke module op hulle onderskeie webblaaie publiseer.

Nietemin is ons steeds midde-in ’n pandemie. Die nasionale ramptoestand is nog nie opgehef nie, en daar is steeds beperkings op die getal mense wat op een slag in lesingsale en ander lokale mag wees.

Om studente die beste moontlike kampuservaring te bied, sal ons alle klaskamers en koshuise tot die maksimum toelaatbare kapasiteit benut. Ons is tans in samesprekings met Higher Health (én met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) deur Universiteite Suid-Afrika (USAf)) om moontlik die sosialedistansiëringsvoorskrif van 1,5 m vir universiteite op te hef. Dit het gewoon geen sin dat hierdie bepaling reeds vir laer- en hoërskole opgehef is, maar steeds vir die naskoolse onderwys- en opleidingsektor geld nie. Terselfdertyd is ons ook besig met die prosesse vir die opstel van ’n moontlike inentingsreël, soos deur die Raad versoek.

Die inskrywingsyfers van nuwelinge by ons instelling is ewe bemoedigend. Nadat die finale matriekuitslae van 2021 vrygestel is, is die SUNStudent-stelsel op 21 Januarie 2022 bygewerk en die finale toelatingsaanbiedinge uitgestuur. Dít was ’n aansienlike afwyking van ons vorige stelsel, en ’n behoorlike vuurdoop vir SUNStudent.

Ek doen graag verslag dat inskrywingsyfers drie weke ná die SUNStudent-bywerking reeds die vorige jaar se registrasiesyfers verbygesteek het. Daarbenewens het die meerderheid van die matriektoppresteerders in die Wes-Kaap – én, trouens, die res van die land – gekies om Maties te word en vir verskeie dissiplines aan die US geregistreer. Welgedaan aan die werwingspan. Dit is nietemin ook ’n duidelike bewys dat ons universiteit se voortreflike akademiese prestasie die afgelope twee Covid-geteisterde jare, ondanks die ontwrigting van die akademiese projek, die US se aanloklikheid as ’n voorkeuruniversiteit vir verdere en gevorderde studie versterk het. (Vir nuwelinginskrywingsyfers uit die Registrateurskantoor, sien Tema 2 van hierdie verslag.)

Dít bring my by ’n belangrike hoogtepunt op die gebied van navorsing en gevorderde studie waarmee ons die nuwe akademiese jaar ingelui het. Ek verwys na die besoek deur **president Cyril Ramaphosa,** sowel as die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovasie **Blade Nzimande**, en die biotegnologiebelegger van NantAfrica, **dr Patrick Soon-Shiong**, aan ons Biomediese Navorsingsinstituut- (BMNI-)fasiliteite en die Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (SERI) op Tygerbergkampus. SERI, wat onder leiding staan van **prof Tulio de Oliviera**, professor in Bioinformatika by die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, sal die genoomreeksbepaling vir die ontwikkeling en evaluering van entstofbehandelings in Suid-Afrika voorsien, en sal na verwagting die grootste genoomwaarnemingsfasiliteit in Afrika wees.

President Ramaphosa het die formidabele vaardighede en vermoëns van ons wetenskaplikes en navorsers op die gebied van genoomwaarneming aan die nasionale en internasionale media

beklemtoon. Dít maak ons kernrolspelers in die wêreldwye reaksie op nuwe Covid-variante, en stel ons ook in staat om die genoomrevolusie in Suid-Afrika en op die res van die vasteland aan te voor.

Die direkteur-generaal van die Wêreldgesondheidsorganisasie, **dr Tedros Adhanom Ghebreyesus**, het kort daarna óók hierdie fasiliteite saam met ’n invloedryke afvaardiging van Europese politici en diplomate besoek. Hulle het eerstehands kennis gemaak met die SERI- en immunologielaboratoriums, sowel as die biobewaarplek waar miljoene genoomreekse gestoor sal word. By ’n perskonferensie ná die tyd het dr Ghebreyesus net lof gehad vir ons vaardigheidsbasis en die ultramoderne fasiliteite wat die BMNI die ideale sentrum maak vir die ontwikkeling van entstofbehandelings teen Covid, malaria en vele ander gevreesde siektes wat ons vasteland teister. Hy het die BMNI se werk beskryf as die begin van die einde van die ongelyke verspreiding van entstowwe na Afrika wat gedurende die pandemie ondervind is.

Die BMNI is die grootste enkele infrastruktuurbelegging deur ons universiteit die afgelope paar jaar en het meer as R1,3 miljard gekos om op te rig. Die nasionale Departement van Wetenskap en Innovasie het R300 miljoen bygedra tot hierdie gevorderde en gesofistikeerde fasiliteit, wat uiteindelik as tuiste sal dien vir meer as 1 000 multidissiplinêre navorsers van oor die hele Afrika en ’n hele aantal wêreldklasnavorsingsgroepe.

Halfpad deur die tydlyn van ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 is ons dus sterk op pad om ons Visie 2040 te verwesenlik, naamlik om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word, en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Ook uit ’n strategiese beplanningsoogpunt het die jaar goed begin met die jaarlikse Institusionele Beplanningsforum wat op 9 en 10 Februarie by die Lord Charles-konferensiesentrum in Somerset-Wes gehou is. Hier kon ons groter leierskorps idees uitruil oor hoe om transformasieprosesse by die US groter momentum te gee en innovasie en entrepreneurskap toenemend te benut as belangrike spelwisselaars vir ons sukses en volhoubaarheid as ’n moderne navorsingsgedrewe universiteit.

Die Raad moet ook kennis neem van die oorsigbesoek van die portefeuljekomitee van hoër onderwys, wetenskap en innovasie op 16 Februarie 2022.

Die doel van die komitee se besoek was om met die universiteit in gesprek te tree oor die vordering wat die instelling op transformasievlak gemaak het sedert ons vorige gesprek met die komitee by die parlement op 31 Mei 2017.

Die voorsitter van die raad het ons afvaardiging gelei in ’n uitgebreide aanbieding wat die negentien fokusareas gedek het. Dit het onder meer bestuur, billikheid, die implementering van die taalbeleid, geslagsgelykheid sowel as studenteondersteuning en studentebehuisingsinfrastruktuurprojekte ingesluit.

Die komitee het ’n beroep op die universiteit gedoen om te verseker dat sy transformasiebeleide en -planne die deurleefde werklikheid van al sy studente en belanghebbendes word. Die voorsitter, me Nompendulo Mkhatshwa, het kommer uitgespreek oor die hoë aantal senior poste by die universiteit wat steeds deur mans en wit personeellede beklee word. Die komitee het erkenning gegee aan ontwikkelings met betrekking tot die verteenwoordiging van vroue in die raad en het die instelling aangemoedig om binnekort 50% vroulike verteenwoordiging oor alle posvlakke te bereik.

Die komitee het erkenning gegee aan die samewerking tussen die universiteit, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die munisipaliteit om ’n veilige studentedorp te skep en het hierdie samewerking as ’n voorbeeld voorgehou wat regdeur die sektor herhaal moet word.

Soos gewoonlik ontvang ’n lid van die Rektoraat weer geleentheid om ’n verslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer is die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (NINS), **prof Eugene Cloete**, aan die beurt met ’n verslag oor werksaamhede in sy verantwoordelikheidsentrum. Prof Cloete tree teen die einde van Julie uit ná tien jaar in die viserektorsamp. Sy verslag sal dus ’n oorsig bied van sy tyd aan die stuur van die NINS-portefeulje. Daarom bevat hierdie bestuursverslag slegs enkele NINS-hoogtepunte – raadpleeg gerus prof Cloete se afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **11 November 2021 tot 3 Maart 2022**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

# TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US ’n **florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’).

Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”

## 1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting

Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) het op **Woensdag 26 Januarie** sy eerste vergadering vir die jaar gehad.

As ’n residensiële universiteit, is ons van plan om so gou moontlik na volle kontakleer en -onderrig terug te keer. Nogtans is ons steeds midde-in ’n pandemie, en die nasionale ramptoestand en beperkings op die getal mense wat in lesingsale en ander lokale toegelaat word, is steeds van toepassing. Covid-19 bly dus ’n uitdaging, en die verskillende IKBV-werkstrome sal dit as sodanig bestuur.

### Werkstroom 1: Studentedienste

***Voorsitter: Dr Ronel Retief***

Niks om te rapporteer nie.

### Werkstroom 2: Leer en Onderrig

***Voorsitter: Prof Deresh Ramjugernath***

Die werkstroom vir leer en onderrig (WLO) konsentreer op die voortsetting en aanpassing van leer en onderrig te midde van die Covid-19-pandemie, sowel as studentesorg. Die WLO ontmoet na gelang van vereiste om te bepaal watter leer- en onderrigverwante benaderings aangepas en watter inligting aan studente en personeellede oorgedra moet word. Risiko’s word by die IKBV en die US se Oudit- en Risikokomitee aangemeld namate dit ontstaan.

***Gebeurlikheidsbeplanning vir oorinskrywing***

Die US het vir die akademiese jaar 2022 heelwat meer aansoeke as gewoonlik ontvang (sowat 50 000). Meer as 10 000 voornemende studente het hulle plasingsaanbiedinge aanvaar, hoewel ons net vir slegs ongeveer 5 000 eerstejaars plek het. Die WLO het die kwessie van moontlike oorinskrywing bespreek om die probleem proaktief saam met die fakulteite en die res van die

instelling te bestuur. Die Registrateurskantoor is versoek om ’n uiteensetting te voorsien van die aanbiedinge wat in die onderskeie fakulteite, dissiplines en programme gemaak is, sowel as van die aanbiedinge wat vir seker aanvaar is. Hierdie inligting is aan die visedekane vir leer en onderrig oorgedra.

***Leer- en onderrigreëlings vir die eerste semester van 2022***

Die Universiteit beskik nie tans oor ’n **inentingsreël** nie. Indien die Universiteit uiteindelik besluit om so ’n reël te implementeer, **sal dít nie voor die tweede kwartaal van 2022 kan geskied nie**. Op grond hiervan én omdat die DHOO se Covid-regulasies nog nie verslap is nie, het die WLO aanbeveel dat die Universiteit vir die hele eerste semester met die ARTLA-metode voortgaan. Assesserings moet in kontakvorm, onder toesig en op kampus wees.

## Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

***Voorsitter: Prof Nico Koopman***

***Reëlings vir personeel se terugkeer na die werkplek***

Die werkstroom het in ’n mededeling aan personeel op 17 November 2021 vollediger riglyne oor werknemers se gefaseerde terugkeer na die kampus voorsien. ’n Oorhoofse stel beginsels en praktyke is ook ontwikkel om konsekwent die maksimum fisiese personeelteenwoordigheid oor die hele kampus te verseker, veral omdat die US ’n residensiële universiteit is. Die riglyne is grootliks gegrond op ’n dokument van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en word deur die dekane en Rektoraatslede ondersteun.

Alle nodige gesondheid- en veiligheidsprotokolle teen Covid-19 sal streng toegepas word. Dít sluit in daaglikse gesondheidsiftings (personeel moet Higher Health se HealthCheck-instrument gebruik voordat hulle kampus toe kom), die dra van maskers, ontsmetting en fisiese distansiëring. Omgewings kan roosters uitwerk sodat personeel op verskillende dae of tye op kantoor is om behoorlike distansiëring te verseker.

Bykomende maatreëls sal van toepassing wees op werknemers bo 60-jarige ouderdom en/of met onderliggende toestande. Dít kan insluit afstandswerk, isolasie of werkroosters om kontak te beperk. Hierdie maatreëls moet van geval tot geval beoordeel word in samewerking met mediese sowel as gesondheid- en veiligheidskenners.

Die IKBV-voorsitter het in ’n mededeling aan personeel op 28 Januarie hierdie reëlings vir die begin van die akademiese jaar 2022 onderstreep, en ook verwys na die Universiteit se Riglyne vir die Bestuur van Werksure, wat vir buigsame werksreëlings voorsiening maak.

## Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

***Voorsitter: Prof Hester Klopper***

Niks om te rapporteer nie.

## Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

***Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel***

Hierdie IKBV-werkstroom bestuur steeds alle kampusbedrywighede en bestaan uit verteenwoordigers van oor die hele US. Die werkstroom funksioneer doeltreffend en maak dit moontlik om vinnig inligting uit te ruil, probleme op te los en besluite te neem.

***Werkplekrisikobeoordeling***

Lede van die werkstroom vir kampusbedrywighede het ’n risikobeoordeling in die lig van die US se bedryfsvereistes onderneem om die behoefte aan ’n inentingsbeleid of -reël vir die Universiteit te

bepaal. Die uitslag van die beoordeling is in November en Desember 2021 aan onderskeidelik die Rektoraat en die Raad voorgelê. Die assessering het aanbeveel dat ’n inentingsreël vir die Universiteit opgestel word. Die proses duur voort.

***Gemeenskapsinteraksie, en skakeling met Stellenbosch Munisipaliteit***

Werkstroomlid dr Leslie van Rooi gaan voort om die US by die weeklikse vergaderings van Stellenbosch Munisipaliteit se gesamentlike beheersentrum te verteenwoordig, waarna hy terugvoer bied oor Covid-19-verwante inligting in die Wynlanddistrik. Die gemeenskap blyk ingenome te wees daarmee dat studente en personeellede in groter getalle na die kampus terugkeer, en dat die dorp besiger word. Interaksie met die plaaslike hospitale en die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid is ook steeds baie positief.

***Kampusgereedheid***

Skakeling, koördinering en bedryfsreëlings vir die skoonmaak van lokale en Covid-19-voldoening en -monitering saam met die Eksamenkantoor en Registrateursafdeling gedurende die eksamen- en gradetyd het goed afgeloop, sonder enige ernstige voorvalle.

Fasiliteitsbestuur se projekbestuurskantoor en Informasietegnologie bied weeklikse statusverslae oor die projek vir uitgebreide leerruimtes (ELS), stelsels vir ononderbroke kragtoevoer (UPS) en laaistasies.

Die sosialedistansiëringsvereiste van 1,5 m in lokale bly ’n probleem vir pogings om persoonlike kontak te verhoog.

Protokolle in koshuise werk goed, en daar is geen kommerwekkende kwessies nie.

***Covid-voldoening by US-geleenthede***

Covid-voldoeningsdokumente vir die bespreking van US-lokale, -vergaderings en -geleenthede is gewysig om met risikovlak 1 te strook. Die getal aansoeke het teen die einde van 2021 en die begin van 2022 toegeneem en die werkstroom vir kampusbedrywighede het tussen November 2021 en Januarie 2022 altesaam 312 aansoeke ontvang. Die Sentrale Kantoor vir Konferensies en Geleenthede (SEKO), met wie die werkstroom deurlopend skakel om Covid-voldoening by geleenthede te verseker, het in dié tyd 41 aansoeke ontvang. Dít bring die totale getal aansoeke vir dié tydperk op 353 te staan (sien grafiek hieronder).



### Werkstroom 6: Finansies en regsaangeleenthede

***Voorsitter: Mnr Manie Lombard***

Die werkstroom vir finansies en regsaangeleenthede bestuur die finansiële en regsimplikasies van Covid-19. Kontantvloeivooruitskattings word op ’n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag bestuur namate nuwe inligting oor Covid-19 beskikbaar kom. Die werkstroom het nou ook langertermynvooruitskattings tot en met 2027 voorsien. Die bestuur is tevrede dat die huidige maatreëls voldoende is om finansiële volhoubaarheid oor ’n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

### Werkstroom 7: Navorsing/Mediese Advieskomitee

***Voorsitter: Prof Eugene Cloete***

Niks om te rapporteer nie.

## 1.2 Bestuur van die Covid-19-pandemie

Sedert die pandemie twee jaar gelede begin het, reageer personeel van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) nog strykdeur op die verskillende progressiefases of vlae van die virus. Praktisyns onderneem steeds Covid-konsultasies op ’n manier wat streng aan alle protokolle voldoen. Kontakkonsultasies vir nie-Covid-verwante gevalle gaan voort. Nog geen Covid-sterftes is tot op hede direk by KGD aangemeld nie.

Aangesien die Wes-Kaap teen die begin van die verslagtydperk reeds oor die piek van die vierde vlaag was, het die getal gevalle by KGD gestabiliseer. Vir KGD en die plaaslike gesondheidsowerhede se weeklikse dataverslae aan die IKBV-voorsitter, klik hier.

Wat inenting betref, is **drie opskietsentrums** van 8 November tot die einde van akademiese aktiwiteite op 7 Desember 2021 voorsien. Hierdie sentrums was sentraal op kampus geleë, onderskeidelik in die Schumann-gebou, die hoofgebou van Ingenieurswese en die Adam Small-teaterkompleks. ’n Verdere, groter opskietsentrum is van 31 Januarie tot 11 Februarie 2022 op die tweede verdieping van die Jan Mouton Leersentrum geopen, onder meer om studente wat vir die nuwe akademiese jaar terugkeer gerieflike toegang tot inenting te bied.

Altesaam **1 911 inentings** is in die verslagtydperk toegedien (*sien grafiek hieronder*). Studente (37,4%) en personeellede (5,0%) het 42,3% hiervan uitgemaak. Dít is minder as in die vorige verslagtydperk (Augustus–Oktober 2021), maar kan toegeskryf word aan die eksamen sowel as studente wat vir die jaareindvakansie teruggekeer het huis toe.



Inentingsweifeling bly ’n probleem onder sowel studente as personeel. Toetsweke en eksamens het individue ook daarvan weerhou om vir die inenting te gaan omdat baie bang was hulle ontwikkel moontlike newe-effekte. Daarbenewens het studente gekla dat die Lentelus-inentingsterrein te ver is van die hoofkampus, hoewel die opskietsentrums dié probleem help hanteer het. Nietemin het ons meer gemeenskapslede ingeënt, waaronder individue onder 18-jarige ouderdom. Lentelus voorsien ook versterkingsdosisse van sowel die Pfizer- as Johnson & Johnson-entstof.

Samewerking met die Stellenbosch-hospitaal, Stellenbosch Munisipaliteit en die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid duur voort om die pandemie op gepaste wyse te bestuur en die druk op gesondheidsinfrastruktuur te verlig. Die US-inentingspan het byvoorbeeld die Departement van Gesondheid gedurende fase 2 van die Sisonke-proef bygestaan en 35 gesondheidswerkers van versterkingsdosisse voorsien.

## 1.3 Kommunikasie oor Covid-19 en die voorgestelde inentingsreël

Verskeie kommunikasieaktiwiteite met betrekking tot Covid-19 en inentings, onder meer die voorgestelde institusionele inentingsreël, is in die verslagtydperk op verskillende US-platforms geïmplementeer.

Kommunikasie oor die inentingsreël het in twee fases plaasgevind: In fase 1 is personeel en sowel huidige as voornemende studente in kennis gestel van die ontwikkeling van die reël en die proses wat gevolg sal word. En in fase 2 het ons alle belanghebbendes kennis gegee van die geleentheid om op die voorgestelde reël kommentaar te lewer.

Kommunikasieaktiwiteite gedurende fase 1 was soos volg:

- Plasing van ’n kennisgewing vir personeel in info@StellenboschUni op 29 November 2021, wat leessyfers van 40,5% in Afrikaans en 37,9% in Engels aangeteken het
- Verspreiding van ’n tweetalige (Afrikaanse en Engelse) massa-e-pos vir personeel en studente met ’n boodskap van die Rektor, ook op 29 November, wat ’n leessyfer van 53,6% opgelewer het
- Verspreiding van ’n tweetalige (Afrikaanse en Engelse) massa-e-pos vir voornemende studente met ’n boodskap van die Rektor op 30 November, wat ’n leessyfer van 74,3% aangeteken het

Kommunikasie in fase 2 het op ’n selfs wyer verskeidenheid platforms plaasgevind:

**Webtuiste:** ’n Kennisgewing is op 2 Desember op die inentingsblad op ons webtuiste geplaas, met ’n skakel op die US-tuisblad wat direk na die inentingsblad lei. Altesaam 9 913 mense het gedurende die kommentaartydperk (3 Desember 2021 tot 15 Januarie 2022) die Engelse inentingsblad besoek en 22 643 bladbesigtigings is aangeteken (wat impliseer dat besoekers meer as een keer teruggekeer het om die blad te besigtig). Altesaam 672 mense het die Afrikaanse blad besoek en 1 564 bladbesigtigings is aangeteken. Die kennisgewing is ook op 8 Desember in sowel Engels as Afrikaans in die kennisgewingafdeling op die US-tuisblad geplaas.

**Nuusbriewe:** Die kennisgewing het op 8 Desember in info@StellenboschUni verskyn (leessyfers: Afrikaans 42,7%, Engels 38,5%), op 10 Desember in nuus@StellenboschUni (Afrikaans 36,5%, Engels 36,1%), en op 15 Desember weer in info@StellenboschUni (Afrikaans 37,9%, Engels 35,8%) – in ál drie gevalle afgestem op personeel.

**Massa-e-pos:** ’n Massa-e-pos is op 13 Desember onder alle personeel en studente versprei, wat ’n leessyfer van 51,3% behaal het.

**Sosiale media:** Die kennisgewing is ook op 3 Desember op ons sosialemediakanale (Facebook en Twitter) geplaas. Die boodskap op Facebook het ’n reikwydte van 41 236 gehad en 965 reaksies, kommentare en “shares” sowel as 5 505 klikke ontvang (wat as uitsonderlik beskou word). Op

Twitter het dit 2 110 indrukke en 171 skakelings aangeteken. Vir ’n sosialemediaplasing word dít as goeie syfers beskou.

Wat algemener Covid-19-kommunikasie betref, het ons ’n plakkaatelement by ons voortgesette bewusmakingsveldtog vir studente bygevoeg. Die plakkate is teen lamppale op belangrike studenteroetes op kampus opgesit. Dít het Victoria- en Ryneveldstraat ingesluit. Die boodskappe het gekonsentreer op die belang daarvan om op kampus ’n masker te dra, sosiale distansiëring te beoefen en gereeld hande te was. Hierdie boodskappe is op ons sosialemediaplatforms benadruk.

## 1.4 US in die Nuus (11 November 2021–17 Februarie 2022)

(Alle items in blou en rooi hieronder bevat hiperskakels; klik gerus om toegang te verkry.)

Die US het in die verslagtydperk ’n betreklik goeie mediavertoning gehandhaaf. Ons het in November 2021 die tweede meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer, die meeste in Desember, en die vierde meeste in Januarie 2022. Dít is aldus die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR.

In die subkategorie “Navorsing en innovasie” het ons in November die meeste dekking ontvang, maar die vierde meeste in sowel Desember as Januarie. ’n Mens moet in gedagte hou dat baie personeellede gedurende daardie twee maande met vakansie was.

Ten opsigte van **fakulteitsverwante** dekking was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in November aan die voorpunt wat algehele volume betref; Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe was die leier in Desember, en Opvoedkunde in Januarie.

Ons kenners het voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar oor **Covid-19** te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as ’n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Onder die verskeie **institusionele aangeleenthede** wat in die verslagtydperk in die nuus was, was die volgende:

- President Ramaphosa loof US se wêreldklas-navorsingsentrum wat wêreldwye epidemiese reaksie sal lei (Yiba, News24, Techcentral, Politicsweb, Jacaranda FM)
- Universiteit Stellenbosch bring hulde aan wyle dr Desmond Tutu (Sowetan, Die Burger, The Witness, Cape Talk, Daily Maverick)
- Universiteit Stellenbosch samel R8,1 miljoen in om studenteskuld te vereffen (City Press, Cape Argus, Eikestadnuus, Times Live, IOL, News24)
- Van kaalvoet skool toe stap tot doktorsgraad (Die Burger, Cape Talk, Radio 702, Yiba, Briefly)
- Dowe student se prestasie ’n eerste vir US (Die Burger, Paarl Post, Eikestadnuus, Cape Argus, Rapport, CCFM)
- Arbitrasie-appèltribunaal bevind in guns van US in eise teen Jurie Roux en Chris de Beer (Sunday Times, Rapport, Beeld, Die Burger, e.tv OpenNews, Daily Maverick, News24)
- Bekendmaking van nuwe B.1.1.529-variant (Omikron) (Botswana Gazette, EWN, SABC News, The Citizen, Zimbabwe Situation, India Times)
- Ainsley Moos nuwe voorsitter van US Raad (Volksblad, Die Burger, Yiba)

Die besoek aan Tygerbergkampus deur die direkteur-generaal van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), dr Tedros Ghebreyesus (WGO: US speel ’n kernrol in SA se bRNS-enstofhub & WGO se direkteur-generaal besoek US se genomika-laboratorium), het wye dekking op alle platforms ontvang:

- Radio: Radio 702; Power FM; ChannelAfrica; Cape Talk; Jacaranda FM; SAFM; Smile FM; RSG

- TV: SABC News; SABC News; SABC News; SABC News (regstreekse uitsending); SABC News (regstreekse uitsending); eNCA; eNCA; eNCA; eNCA; Newzroom Afrika
- Nuuswebtuistes: EWN; DST; IOL; News24
- Gedrukte media: Die Burger
- Ander: Verenigde Nasies; Washington Post; WGO

Die Universiteit se **mediaverklarings** bly ’n groot bron van publisiteit vir die instelling. Van die vernaamste verklarings die afgelope paar maande sluit die volgende in:

- Studie bewys digitale tegnologie kan leerders met erge intellektuele gestremdheid baie help (Die Burger, The Witness, Daily Dispatch, Eikestadnuus)
- Meer as 9 000 boomspesies wag om ontdek te word
- Nuwe sebravis-navorsing toon groen rooibostee help dalk om angs te verlig (Tygerburger, The Herald, Beeld, Times Live, Jacaranda FM, The Conversation)
- ’n Betekenisvolle en besondere verwelkoming vir US-nuwelinge (Cape Times, Die Burger, Eikestadnuus, IOL)
- Dr Daniels maak geskiedenis in SA wingerdboukringe (Die Burger, Daily Dispatch, SA Fruit Journal, Radio 702, Cape Talk, News24)
- Hommeltuie by olifante: so gebruik mens dit reg (Cape Times, Volksblad, Beeld, Die Burger, Getaway, Engineering News)
- SA se oorvloedige sonskyn hou groot potensiaal in vir elektriese minibus-taxi’s (The Star, The Witness, Tygerburger, Business Tech)
- Hoe om arm jongmans aan te moedig om oor kwesbaarhede te praat (The Witness)
- Paleo-klimaatsimulasies van Namibië se kokerboompopulasies dui op beduidende verandering in verspreiding oor 22 000 jr (Mail & Guardian, M&G Online)

**Die US se Taalbeleid** was steeds ’n gewilde onderwerp in die media, en die Mediakantoor het op ’n aansienlike hoeveelheid medianavrae oor taal gereageer. Ons het in Desember die goedkeuring van ons hersiene Taalbeleid aangekondig. Dít het met verdere artikels gepaardgegaan, waaronder US verduidelik Taalbeleid. ’n Keur van ander mediaberigte oor taal by die US sluit in *Eikestadnuus*, *Die Burger*, *Beeld*, *Rapport*, *Die Burger*, *Cape Times*, SABC News, Radio 2000, SAFM, eNCA en News24.

**Denkleierskap:** Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir The Conversation te skryf. Altesaam 20 van ons bydraers het in die verslagtydperk 20 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik net meer as 659 000 keer gelees is.

**Menslike kapitaal:** Volgens PEAR se mediamonitering van individue by die US het 342 mediabrokkies in November, 53 in Desember en 53 in Januarie na die Universiteit se menslike kapitaal verwys (Februarie-data was nog uitstaande by die skryf van hierdie verslag). Dít word as ’n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie “Navorsing en innovasie”.

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer ’n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (**sien BYLAAG**). Die Mediakantoor het ook die pers van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer oor die plaaslikeregeringsverkiesing van 2021 en, in 2022, oor die Staatsrede, die Begrotingstoespraak, Internasionale Moedertaaldag, Internasionale Dag vir Vroue en Dogters in die Wetenskap, Wêreldkankerdag, en die Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid.

## 1.5 Strategiese beplanning op institusionele vlak

Ons het op 13 Desember 2021 ons jaarlikse beplanningsiklus afgesluit deur die Universiteit se Jaarlikse Prestasieplan 2022–2027 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) in te dien. Die plan sluit die Institusionele Plan 2022–2027 in en bied ’n samevatting van ons instelling se visie, strategie en aksieplanne vir die volgende ses jaar, met ’n bepaalde klem op 2022.

Daarna het ons flink weggespring met ons volgende beplanningsiklus met die **Institusionele Beplanningsforum (IBF)** wat op 9 en 10 Februarie 2022 plaasgevind het. Die IBF het vanjaar gekonsentreer op die dwarsliggende tema van **transformasie, en op innovasie en entrepreneurskap** as een van sewe institusionele spelwisselaars. Die spelwisselaars kom uit ons strategie en is in Augustus 2021 by ’n strategiese beraad van die Rektoraat geïdentifiseer. Indien dit suksesvol geïmplementeer word, sal dit die Universiteit sy strategiese doelwitte help bereik en sistemiese volhoubaarheid verseker. Die ander spelwisselaars (benewens innovasie en entrepreneurskap) is programvernuwing, hibridiese leer, assessering, bedryfsmodelle vir ons skole en fakulteite, leweringsmodelle en vennootskappe om Afrika- en internasionale potensiaal te ontsluit, en **digitale transformasie**.

Vir ’n breër perspektief het ons by die IBF eers na eksterne deskundiges geluister en met hulle in gesprek getree. Daarna het deelnemers nagedink oor waar die US tans is, en bespreek hoe ons elk van ons fokusgebiede behoort te benader om sukses te verseker. Ons het onder meer ooreengekom oor hoe sukses gemeet sal word.

## 1.6 Bou die US se institusionele kultuur op grond van waardes

Die Waardes in Aksie-inisiatief vir 2022 is in Januarie met ’n werksessie vir die Rektoraat van stapel gestuur. Noudat beplanning vir die res van die jaar afgehandel is, sal hierdie inisiatief ook vaart kry.

Die Waardes in Aksie-werksessies handel oor ons vyf waardes – **uitnemendheid, deernis, billikheid, respek en verantwoordbaarheid** – en maak deel uit van fases 2 (integrasie) en 3 (belyning) van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Hierdie waardes is noodsaaklik vir sowel die implementering van ons strategie as die bou van ons institusionele kultuur.

Waardes is die rigsnoere vir die tipe akademiese gemeenskap wat ons graag wil wees. Daarom moet dit ’n integrale deel word van hoe ons, as individue, optree en met mekaar omgaan, hoe leiers lei en spanne saamwerk, en hoe ons besluite neem en implementeer, en etiese uitdagings en dilemmas hanteer.

## 1.7 SU-UIC gereed vir ISS-gehalteversekering

Die US se Eenheid vir Internasionale Kwalifikasiekontrole (SU-UIC) is byna klaar met die skep van die gehalteversekeringsprosesse en -strukture vir die Internasionale Sekondêre Sertifikaat (ISS). SU-UIC funksioneer vanuit US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap.

Die ISS is ’n **nuwe, Afrikagerigte skoolverlaterskwalifikasie** wat deur die internasionale afdeling van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) bestuur word. Dit dien as die internasionale ekwivalent van Suid-Afrika se Nasionale Senior Sertifikaat. Ons universiteit het verlede jaar ’n werksooreenkoms met die IEB gesluit om as gehalteversekeraar vir die nuwe kwalifikasie op te tree.

Alles is gereed vir die gehalteversekering van die eerste ISS-eksamen aan die einde van 2022. SU-UIC het ’n oorsigbestuurskomitee en twee subkomitees ingestel, en ’n derde subkomitee word ook tans geskep. Die kurrikulum- en assesseringsubkomitee het op 16 November 2021 ’n suksesvolle oriënteringsvergadering gehad, en die oorsigbestuurskomitee kom op 23 Maart 2022 vir hulle derde vergadering byeen.

Die proses vir die werwing en aanstelling van eksterne moderators vir die eksamen is aan die gang. Die versoek vir aansoeke het op 20 Februarie gesluit en kandidate op die kortlys sal ’n

prestasiebeoordeling voltooi en aan ’n aanlyn onderhoud deelneem. Die ISS bied **32 vakke, en dus moet ten minste 32 eksterne moderators aangestel word**.

SU-UIC het op 5 Februarie met lede van die IEB, waaronder uitvoerende hoof Anne Oberholzer, vergader om oor strategie te gesels vir die oorgangsfase wat voorlê.

## 1.8 Finansiële lewensvatbaarheid kernoorweging in programontwikkeling

Wanneer ons ’n nuwe akademiese program ontwikkel, konsentreer ons gewoonlik daarop om in nuwe arbeidsmagbehoeftes te voorsien, nuwe kennismarkte te ontgin, of kurrikulums met die oog op transformasie te vernuwe. Finansiële oorwegings is dikwels ’n blote nagedagte.

Interne gesprekke het egter beklemtoon hoe belangrik dit is om **finansiële oorwegings uit die staanspoor ’n kerndeel van die proses** te maak in plaas daarvan om ná die tyd begrotingsaanpassings te probeer aanbring. Vir dié doel is ’n finansiële ontleding amptelik in 2018 by die proses vir die beplanning en goedkeuring van akademiese programme ingesluit.

Die nuwe proses vereis ’n ingeligte vooruitskatting van programinkomste en -uitgawes. Die parameters wat programontwerpers en fakulteitsbestuurders voorsien, word gebruik om die voorgestelde program se finansiële haalbaarheid en winsdrempels te bepaal, wat dan in die programgoedkeuringsproses oorweeg word.

Fakulteitsbestuurders se betrokkenheid vanaf ’n vroeë stadium, en die vergelyking van skattings en parameters met dié van soortgelyke bestaande programme, lei tot akkurater studente-inskrywingsvoorspellings, behoorlike oorweging van gepaste fooistrukture, en beter personeelbeplanning. Die uiteinde is ’n meer finansieel volhoubare akademiese aanbod, sonder om akademiese vernuwing aan bande te lê.

## 1.9 Ons gesamentlike reis na ’n nuwe US-handelsmerk

Die geleidelike inwerkingstelling van die Universiteit se nuwe handelsmerkidentiteit is goed op dreef. Die Universiteit het ’n magdom handelsmerkbates, so die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking konsentreer vir eers op die belangrikste kontakpunte:

- Die nuwe logo is op die US-webtuiste aangebring ([www.sun.ac.za](www.sun.ac.za)) en die kleure en lettertipe is bygewerk. Die webtuiste is ons vernaamste openbare platform en geniet dus voorrang. Hoewel die webtuiste te omvangryk is vir ’n algehele vernuwing, herontwikkel ons dit om die nuwe handelsmerk in te sluit.
- Die nuwe logo pryk ook nou op die US se digitale kommunikasieplatforms, waaronder massa-e-posse, elektroniese nuusbriewe en sosiale media. Nuwe opskrifte sowel as die nuwe lettertipe en korporatiewe kleure is deesdae in massa-e-posse te sien.
- Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het met die Afdeling Informasietegnologie saamgewerk om ’n gestandaardiseerde e-poshandtekening te ontwikkel. Dít sal die US-handelsmerk bevorder, konsekwentheid verseker en kontakbesonderhede standaardiseer. Die nuwe handtekening is in Desember 2021 getoets, en word sedert Februarie 2022 in werking gestel.




- Die Handelsmerkeenheid het in vennootskap met Fasiliteitsbestuur prototipe-rigtingtekens ontwerp en vervaardig (*sien voorbeeld regs bo*) om spasiëring en groottes te bepaal voordat die nuwe visuele identiteit finaal op tekens op ál vyf ons kampusse aangebring word. Die doel is om die nuwe tekens in fases op te rig.

- Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking en die Matiewinkel het saamgewerk om die nuwe visuele identiteit op handelsware en kledingstukke aan te bring en meganismes te skep om produkgehalte te verseker. Die nuwe handelsware is in die Matiewinkel of aanlyn te kry.
- Ná die Raad se bekragtiging van die aanbeveling deur sy Uitvoerende Komitee om die huidige wapenskild met ’n seremoniële weergawe van die nuwe logo te vervang, is daar met die ontwerp van die seremoniële embleem begin. ’n Voorgestelde ontwerp sal in April 2022 vir oorweging en goedkeuring voor die Raad dien. Dít sal egter voorafgegaan word deur oorlegpleging met ons Institusionele Transformasiekomitee, Visuele Regstellingskomitee, Studenteraad, Institusionele Forum, sowel as die Rektoraat en dekane.
- Die visuele inwerkingstelling van die Universiteit se visie en strategie het sedert Januarie behoorlik spoed opgetel. Alle bestaande installasies wat as deel van die proefprojek aangebring is, is verwyder en met nuwe handelsmerkinstallasies vervang. Geleenthede om verdere nuwe installasies in die loop van die semester aan te bring is ook geïdentifiseer.
- Die nuwe handelsmerkhandleiding en -template vorder fluks. Die handleidingafdelings en template wat al gereed is, is hier te kry.

## 1.10 Heelwat belangstelling in Afrikaanse vertaling

Die Taaldiens by die Taalsentrum het van Januarie tot November 2021 net meer as 1,26 miljoen woorde uit Engels in Afrikaans vertaal. Dít is meer as dubbel die woordtelling wat uit Afrikaans in Engels vertaal is – ’n tendens wat al sedert 2020 opgemerk word. Meer as 1,34 miljoen Engelse woorde is ook van Januarie tot November geredigeer.

Hoewel beperkte vertaaldienste direk aan studente gelewer word, het die vertaling van tesisopsommings wel toegeneem van 37 in 2020 tot 54 in 2021. Daarteenoor het die vertaling van ingeligte toestemmingsvorms, wat een van die Taaldiens se hoofgeldstrome is, afgeneem van 207 in 2020 tot slegs 99 in 2021. Dít is waarskynlik omdat veldstudies in die lig van Covid-19 en die inperkingsregulasies tydelik gestaak moes word of na ander metodes vir data-insameling moes oorslaan.

Wat eksterne Taaldienskliënte betref, het versoeke vir die vertaling en redigering van dokumente met betrekking tot die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), waaronder POPIA-handleidings, ingestroom nadat dié wet in werking getree het. Hierdie tendens sal na verwagting in 2022 voortduur.

## 1.11 Inspuiting vir skryfkonsultasies

Die Taalsentrum se Skryflaboratorium het 27 nagraadse US-studente as skryfkonsultante vir 2022 aangestel. Dít beteken dat die Skryflaboratorium se gratis skryfkonsultasies vir studente nou in Afrikaans, Engels én Xhosa beskikbaar is. Konsultasies geskied aanlyn solank die Covid-19-sosialedistansiëringsvoorskrif van 1,5 m van toepassing is. Hoewel die diens later ook in kontakvorm gelewer sal word, blyk baie studente tog die aanlyn vorm te verkies omdat dit hulle reistyd spaar.

## 1.12 Regsdienste verseker goeie oorsigbestuur en voldoening

Benewens samewerking met eksterne regsadviseurs om die US se belange in die hof te verteenwoordig, gaan die Afdeling Regsdienste voort om die IKBV met die vertolking en toepassing van die inperkingsregulasies by te staan. Die Afdeling was die afgelope tyd ook ’n kernspeler in die proses vir die voorgestelde institusionele inentingsreël.

Die **voldoeningsbeampte** het teen die einde van 2021 waardevolle hulp verleen aan die hoofdirekteur van Fasiliteitsbestuur om die risikobeoordeling ingevolge die regering se gekonsolideerde direktief oor beroepsgesondheid-en-veiligheidsmaatreëls in sekere werkplekke uit

te voer. Die doel van die risikobeoordeling was om die US se behoefte aan 'n inentingsreël te bepaal. Die risikobeoordelingsverslag, wat aanbeveel het dat 'n konsepreël opgestel en vir openbare deelname gepubliseer word, is op 12 November deur die Rektoraat goedgekeur. Meer as 1 200 voorleggings is teen 15 Januarie 2022 van die publiek ontvang. Dit word tans oorweeg, waarna interne belanghebbendes geraadpleeg sal word.

Ook op die gebied van risikobestuur het die voldoeningsbeampte teenstrydighede in verskillende US-omgewings se taal en waardes ten opsigte van risiko, voldoening en gekombineerde sekerheid geïdentifiseer. Die beampte het ná verdere samesprekings met die Afdeling Finansies daaroor ooreengekom om beter belyning in dié verband deur die hele instelling te fasiliteer.

Die Afdeling se Eenheid Kommersiële Kontrakte het teen 31 Desember 2021 altesaam 980 nuwe **kommersiële ooreenkomste** geregistreer en 93,5% daarvan voltooi. Dít wil gedoen wees as 'n mens die uitdagings van afstandswerk, tegnologieonderbrekings en immer veranderende regulasies in gedagte hou.

Laastens, wat die funksie van **Studentedissipline** betref, het die Afdeling in die tweede semester van 2021 'n aansienlike afname in verwysings vir akademiese wangedrag ervaar, hoofsaaklik omdat die November-assesserings nie aanlyn geskied het nie. Dít kom na 'n merkbare toename in onafgehandelde sake wat van 2020 na die eerste semester van 2021 oorgedra is (80 sake met betrekking tot 130 studente). Die meeste gevalle het oor wangedrag in aanlyn assesserings en oortredings van die Covid-19-regulasies gehandel.

## 1.13 Institusionele komitees

Die lokale vir institusionele komiteevergaderings is opgeknap om ononderbroke aanlyn en hibridiese verrigtinge moontlik te maak en ontwrigting deur gebeure soos beurtkrag te voorkom. Komiteevergaderings het in hetsy ten volle aanlyn of hibridiese vorm voortgegaan.

Standaardbedryfsprosedures (SBP's) is ook opgestel of bygewerk vir alle komitees wie se sekretariaatdienste deur die Sentrum vir Oorsigfunksie en -ondersteuning voorsien word. Hierdie SBP's sal bedryfsvoortsetting gedurende personeelafwesigheid of ander veranderinge verseker.

Daarbenewens het die Sentrum voortgegaan om, waar omgewings so versoek, personeel op te lei om aanlyn vergaderings te ondersteun.

## 1.14 Geïntegreerde kommunikasie

**Publikasies:** Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het in Desember 2021 die jongste uitgawe van *Matieland* uitgegee, wat met 'n vars nuwe voorkoms spog. Ál die artikels handel oor die tema van vorentoe beweeg, met die klem op die toekoms van die US, ons studente, personeellede, alumni en ander belanghebbendes. Vir die aanlyn weergawe van *Matieland*, klik hier.

**Massa-e-posse:** Die Afdeling het voortgegaan om massaboodskappe te fasiliteer sodat personeel op hoogte kon bly van belangrike gebeure en aankondigings.

**Podsendings:** Podsendings oor Covid-19-inentings en MIV by kinders is op die US se podsendingskanaal, talks@StellenboschUni, geplaas.

## 1.15 Herontwikkeling van die US se webtuiste

Die herontwikkeling van ons webtuiste vorder goed. Nadat Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking 'n ooreenkoms met diensverskaffer Rogerwilco onderteken het, is 'n omvattende projekplan en -rooster opgestel. Die Handelsmerkeenheid het ook 'n werksessie aangebied om ons nuwe handelsmerk aan Rogerwilco voor te lê. Die werksessie was die aanvang van die ontwerpfase, wat tans aan die gang is.

## 1.16 SUNFin

Nadat die SUNFin-span in September 2021 hulle herbeplanningsoefening voltooi het, het die projek goedkeuring ontvang om die aktiveringsdatum tot Junie 2023 uit te stel.

Werk het sedertdien volstoom voortgegaan. Die span het teen die einde van verlede jaar verskeie komponente van die bedryfsleweringswerkstroom goedgekeur, die 44ste werkfase in die werkstroom vir IKT- (inligtings-en-kommunikasietegnologie-)integrasie voltooi, en uitstekende vordering gemaak met die datasuiweringsinisiatief.

Die doel vir 2022 is om albei werkstrome – d.w.s. sowel bedryfslewering as IKT-integrasie – teen die middel van die jaar te voltooi en gebruikeraanvaardingstoetse teen die einde van November af te handel.

## 1.17 SUNStudent

Die projekfokus die afgelope paar maande was om aan institusionele prioriteite te voldoen. Die verwerking van voor- en nagraadse aansoeke en toelatings ter voorbereiding vir registrasie vir die akademiese jaar 2022 het voorrang geniet.

Voorgraadse aansoekers het teen die begin van Desember 2021 reeds 10 972 voorlopige programaanbiedinge aanvaar. Aangesien aansoeke deur terugkerende (reeds geregistreerde) studente steeds op die ou Studente-inligtingstelsel bestuur word (in teenstelling met nuwelingaansoeke, wat op SUNStudent hanteer word), is dit moeiliker om oor nagraadse aansoekstatus verslag te doen.

Die projekspan het ook op hete kole gewag vir die vrystelling van die matriekuitslae om finale programaanbiedinge betyds vir registrasie aan voorgraadse aansoekers te stuur.

Ander projekaktiwiteite tussen Desember 2021 en Maart 2022 het ingesluit:

- verstellings aan aspekte van die aansoek- en toelatingsfunksies wat ná die aktiveringsdatum geïdentifiseer is, om gereed te wees vir die aansoeksiklus van 2023 wat in April 2022 begin;
- die opstel van die kurrikulumstelsel vir registrasie; en
- die aanvang van werk aan die funksies wat vanaf Desember 2022 tot Februarie 2023 geaktiveer moet word (registrasie, studentegeld, klaskamer- en eksamenskedulering, nagraadse bestuur, koshuisbestuur, en finansiële bystand).

Die SUNStudent-implementeringsplan vir 2022/23 is ook by die beheerkomiteevergadering in Februarie 2022 bespreek en afgehandel.

## 1.18 Risikobestuur en sekuriteit

Voor die pandemie was **misdaadtendense** laer as ooit vantevore. Die inperking en klokreël sedert die begin van 2020 het dié tendense selfs verder verlaag. Daarom het ons verwag dat misdaad in 2021 weer sou toeneem. Die grafiek hieronder bevestig dat dié verwagting in die kol was. Indien ons 2020 as ’n uitskieter aanvaar, sal die langtermyn- dalende tendens waarskynlik voortduur.




Ondanks die positiewe langtermyntendens neem Kampussekuriteit egter elke voorval ernstig op en bly daartoe verbind om ’n misdaadvrye kampus te skep. Die misdaadtipes wat kommer wek, is **rooftogte en inbrake**. Altesaam 20 rooftogte waarby kampusgemeenskapslede betrokke was, is in 2021 aangemeld. In ’n paar gevalle was die rowers gewapen. Verdagtes is in twee gevalle in hegtenis geneem. Veertien van die voorvalle het gedurende die nag gebeur. Wat inbrake betref, is 26 voorvalle aangemeld, meestal op kampus. Tien inbrake was by akademiese geboue, en agt elk by US-koshuise en privaat studenteverblyf buite die kampus. Kampussekuriteit het vier persone in hegtenis geneem.

Ons **satellietkampusse** het ’n betreklik goeie 2021 beleef wat misdaadvoorvalle betref. Indringers het ’n paar keer daarin geslaag om oor of deur die kampusomheining te kom, maar is raakgesien en vasgetrek. Gereelde spesiale operasies is op die terrein van Bellvilleparkkampus onderneem om te keer dat mense strukture oprig en hulle daar vestig. Die area rondom die brug buite die hoofingang van Tygerbergkampus skep steeds veiligheidsprobleme vir personeellede en studente wat te voet beweeg. Kampussekuriteit en die Stad Kaapstad se Metropolisie het gereelde operasies in die omgewing gehou. Worcesterkampus het geen ernstige voorvalle aangemeld nie. Hulle nuwe elektriese omheining verlaag risiko en help beperk onwettige betreding.

Kampussekuriteit het voortgegaan met **veiligheidsbewusmaking** met behulp van verskeie kanale en hulpbronne. Hulle het gereelde studenteleieropleiding voorsien en misdaadvoorkomingswenke op sosiale media geplaas. Studenteleieropleiding vir 2022 het sommer vroeg in Februarie begin.

## 1.19 Kampusvernuwing

**Fakulteit Ingenieurswese**

Die Departement **Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese** se tussenbouprojek verloop volgens plan en sal na verwagting teen 1 Augustus 2022 klaar wees.

Werk behels die aanbouing van ’n nuwe area op die derde verdieping van die suidoostelike vleuel van die gebou (*sien foto’s onder*). Die bykomende ruimte van sowat 670 m² sal fasiliteite soos ’n nuwe Megatronika-laboratorium met 92 sitplekke, twee rekenaargebruikerareas en ’n nuwe lokaleareanetwerk- (LAN-)kamer insluit.





Die opknapping van **Siviele Ingenieurswese** se gebou behoort op sy beurt teen November 2022 klaar te wees, wat vroeër is as wat ons beplan het. Hierdie volledige vernuwing (*argiteksvoorstelling langsaan, foto’s onder)* sluit ’n nuwe lesingteater met 464 sitplekke, vyf nuwe klaskamers én opknappings aan alle geboudienste in.







**Nuwe substasie**

Die oprigting van ’n nuwe substasie in die Ingenieurswese-omgewing (*sien langsaan*) is op dreef, met ’n verwagte voltooiingsdatum van Desember 2022. Die kabelnetwerk sal die Ingenieurswese-, JC Smuts-, Neelsie-studentesentrum- en die Lettere en Sosiale Wetenskappe-geboue van krag voorsien.



In die lig van begrotingsdruk is die vorige dubbelverdiepingontwerp, wat as ’n toekomsmaatreël voorsiening gemaak het vir opwekkers op die grondverdieping, gewysig na ’n enkelverdiepinggebou met slegs die noodsaaklike elektriese toerusting. ’n Nuwe ligging naby die nuwe akademiese inlaatsubstasie is vir die toekomstige opwekkers geïdentifiseer, en sal as ’n afsonderlike projek ontwikkel word.

**Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)**

Fase 2 van BMNI-Suid is op 1 Desember 2021 voltooi (*sien foto's onder*). Fase 3 behels die opknapping van die bestaande struktuur, wat voorheen as die Fisan-gebou bekend was.











**Meerdoelige sportfasiliteit en parkeerterreine by Tygerberg**

Die twee nuwe meerdoelige en twee nuwe tennisbane op Tygerbergkampus (*sien langsaan*) is op 21 Februarie 2022 ingewy. Volgens Maties Sport se Yaseen Gangat, sportadministrateur vir Tygerberg, is hierdie fasiliteit 'n spelwisselaar wat sowel studente as personeel in staat stel om te midde van hulle besige kampusprogram 'n gesonde, aktiewe leefstyl te handhaaf.



Bouwerk aan die nuwe parkeer-terreine by die kampusingang het aan die einde van Februarie 2022 'n aanvang geneem.

**Opknapping van US Biblioteek-voorportaal**



Die opknapping van die US Biblioteek se voorportaal en uitleentoonbank (*sien langsaan en onder*) is vertraag weens die perke op geboubesetting ingevolge die Covid-19-regulasies. Nietemin is die voorlopige voltooiingsdatum 31 Maart 2022.






## 1.20 Geïntegreerde raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling op kampus

Die konsepraamwerk vir ruimtelike ontwikkeling op Stellenboschkampus is op 1 Junie 2021 vir oorlegpleging aan die Rektoraat voorgelê. Ná verdere gesprekvoering en skakeling is die projek nou in sy finale hersiening- en leweringsfase. Die plan is om die raamwerk in April 2022 vir goedkeuring by die bestuur in te dien.

Die dokument identifiseer die vernaamste ruimtelikebeplannings- en institusionele faktore wat die toekomstige ontwikkeling van die beboude omgewing op kampus sal rig. Die hoëvlakstrategieë in die raamwerk bied ’n holistiese oorsig van voorgestelde toekomstige ontwikkelings om die beboude omgewing te verbeter en ons universiteit se kernbedrywighede te ondersteun.

Die raamwerk berus op ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Dit is in oorleg met sowel interne as eksterne belanghebbendes, waaronder die plaaslike en provinsiale owerhede, opgestel.

## 1.21 Botaniese Tuin



Ons Botaniese Tuin het teen Desember 2021 die meeste van die bouwerk aan sy nuwe uitstalbeddings vir die bedreigde laaglandhabitats van die Wes-Kaap voltooi (*sien foto regs*) – ’n projek wat moontlik gemaak is deur die Tafelbergfonds.

Daarbenewens is die bestaande Neethling-hekhuisie, wat nie meer aan statutêre vereistes voldoen het nie, in Februarie 2022 met ’n gepaste struktuur vervang sodat daardie ingang van die tuin kan heropen (*regs onder*).



Die Botaniese Tuin is die tuiste van 84 individuele sikadee- (broodboom-)plante van 24 spesies. Die span interns het sedert die begin van Februarie uitstal-etikette met inligting oor die verskillende

broodbome aangebring. Die beddings sal oor die volgende paar maande met verdere eksemplare uitgebrei word. Verwante Ouwêreldse nieblomdraende plante sal ook bygevoeg word.

## 1.22 Nuwe fokusgebiede vir Informasietegnologie

Nadat die US se nuwe hoofdirekteur van Informasietegnologie, dr Denisha Jairam-Owthar, in Januarie diens aanvaar het, het sy die volgende drie strategiese fokusgebiede in ’n 100-dagplan vir die Afdeling geïdentifiseer:

| Handhaaf, herstel en bestuur huidige stelsels en inligtings- en kommunikasietegnologie- (IKT-) projekte | Mense en transformasie | Nuwe tegnologie |
|---|---|---|
| Ondersteun kernstelsels en wees bedag op eksogene faktore wat die instelling en die IKT-omgewing kan beïnvloed (soos ’n verdere Covid-vlaag) | Ondersoek leierskap en kultuur, en vestig die vereiste strukture om Informasietegnologie aan die voorpunt van US-werksaamhede te plaas (eerder as om slegs ’n ondersteuningsrol te vervul) | •Stel klein dog impakryke nuwe tegnologieë bekend |

Dr Jairam-Owthar het reeds die meeste van die dekane en die Rektoraat ontmoet en verdere skakeling met US-belanghebbendes duur voort.

## 1.23 Institusionele oudit onderweg

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) sal die US vanjaar as deel van sy derde gehalteversekeringsiklus ouditeer. Vir dié doel het ons ’n projekbestuurspan, beheergroep en selfevalueringskomitee saamgestel, en ’n konsepselfevalueringsverslag sal vir ’n eerste rondte oorlegpleging voorgelê word.

Die RHO het op sy beurt ’n eweknieebeoordelingspaneel aangestel wat van 31 Oktober tot 4 November 2022 hetsy ’n kontak- of aanlyn/hibridiese terreinbesoek sal aflê, na gelang van die omstandighede in daardie stadium.

## 1.24 Transformasie

Transformasie is een van die dwarsliggende temas wat in Februarie by ons Institusionele Beplanningsforum (IBF) as ’n prioriteit uitgelig is. En die Transformasiekantoor gaan voort met sy werk deur die hele Universiteit.

Op grond van die samesprekings by ’n strategiebelyningsessie het die Transformasiebeleidstaakgroep ’n gespreksdokument vir die **hersiening van die Transformasiebeleid** opgestel. Beginsels en temas is sedertdien bepaal, en die tegniese skryfspan werk tans aan die eerste konsep van die hersiene dokument.

Die opdrag vir ons **Taakgroep vir die Monitering en Evaluering van Transformasie** is ook opgestel. Die dokument sal vir kennisname aan die Institusionele Transformasiekomitee (ITK) en vir goedkeuring aan die Rektoraat voorgelê word.

Daarbenewens is ’n rigtinggewende raamwerk vir die vestiging en funksionering van **fakulteitstransformasiekomitees** ontwikkel, vir verdere bespreking deur die ITK. Die ontwikkeling van ’n aanlyn opleidingskursus van ses modules vir hierdie komitees is ook aan die gang. Die opleiding sal deel uitmaak van die **Siyakhula-werksessiereeks**.

Laastens het die weeklikse gesprekke oor diversiteit en transformasie op die **Siyakhula Live-radioprogram** op MFM 92.6 gedurende die verslagtydperk voortgeduur. Van die temas wat die

afgelope paar maande bespreek is, is hoe om studentesteun te verbeter, die verligting van geslagsgebaseerde geweld, en ongelykhede wat toegang tot noodsaaklike MIV-dienste belemmer.

# TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* lui soos volg oor **’n transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

## 2.1 Assessering

Vir die jaareindassesserings het die **Kantoor vir Assesserings, Akademiese Rekords en Graduering** (AARGO) 316 eksamenmodules suksesvol bestuur, waarvan 151 aanlyn plaasgevind het. Die A2- en A3-assesserings is direk na mekaar afgeneem. Die A2’s is van 8 tot 29 November 2021 geskryf, en die A3’s van 30 November tot 11 Desember.

Assesserings het in verskeie lokale oor die hele Stellenboschkampus plaasgevind. AARGO het met onder meer die Voldoeningskantoor, Eenheid vir Gestremdhede, Fasiliteitsbestuur en Kampussekuriteit saamgewerk om die unieke uitdagings van die voortslepende Covid-19-pandemie te hanteer en nakoming van protokolle te verseker. Die nuwe eksamenantwoordboek is ook met welslae in gebruik geneem.

Om suksesvolle assesserings verder te ondersteun, het die span van die **Eksamenkantoor** ’n opleidingsvideo met beste praktyke vir toesighouers vervaardig, en die hooftoesighouer het ’n nuwe gehalteversekeringsproses vir die nagaan van antwoordskrifte ingestel. Die **Roosterkantoor** het op hulle beurt die Covid-19-veranderingsvereistes vir aanlyn en kontaklokale geïmplementeer, en die datums vir die 623 A2-assesserings en 400 A3’s van 2022 bepaal. Boonop het **Studente-inligtingstelselondersteuning** (SISO) noodsaaklike stelselsteun vir die HEMIS-berekeningsproses gebied.

By ons **Bestuurskool** (USB) was die gebruik van die assesseringsplatform Remote Proctor Now (RPNow) van onskatbare waarde om assesseringsintegriteit te verseker en die impak van beurtkrag te verminder.

## 2.2 Desember 2021-gradeplegtighede

Die gradeplegtighede van 13 tot 16 Desember 2021 het weer ’n hibridiese benadering gevolg.

Die Fakulteit Krygskunde het ’n eenmalige vergunning ontvang om op 10 Desember ’n kontakgradeplegtigheid op Saldanhakampus aan te bied. Die geleentheid is regstreeks gestroom en die video is tot dusver 966 keer gekyk.

Vir die res van ons fakulteite is 11 klein fisiese (kontak-) plegtighede in pas met Covid-19-voorskrifte aangebied vir die verlening van PhD’s (ook vir gegradueerdes van Maart 2021), eredoktorsgrade, die Kanselierstoekennings en die Kanseliersmedalje. Alle ander kwalifikasies is gedurende aanlyn fakulteitspesifieke plegtighede verleen. Die kontakplegtighede is regstreeks gestroom, en is tot dusver 3 968 keer gekyk, terwyl die fakulteitspesifieke geleenthede by die skryf van hierdie verslag 40 196 besigtigings aangeteken het.

Vyf eredoktorsgrade is aan voortreflike individue toegeken vir hulle onderskeie bydraes tot die wetenskap of algemene samelewing. Vyftien personeellede het die gesogte Kanselierstoekenning vir volgehoue uitnemendheid in navorsing, innovasie, leer en onderrig, sosiale impak en professionele dienste ontvang.

Die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur het met Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, Fasiliteitsbestuur en ander belanghebbendes saamgewerk om die hibridiese plegtighede te reël. Die Kantoor vir Assesserings, Akademiese Rekords en Graduering (AARGO) het die versending van graaddokumente vir ons **5 635 Desember-gegradueerdes** gekoördineer. Altesaam 99,64% van die gekoerierde dokumente is suksesvol afgelewer. Die Eenheid Institusionele Sekretariaat en Publikasies het vyf gradeboekies ontwerp en vervaardig en in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking uitgegee om seker te maak dat dit aan die nuwe handelsmerkriglyne voldoen.

Die gradeplegtigheidswebtuiste het tussen 17 November 2021 en 6 Februarie 2022 altesaam 91 789 besigtigings van 29 995 webbesoekers ontvang.

## 2.3 Eerste SAGT-student gradueer

**Ilze Aäron** het in Desember 2021 ons eerste gegradueerde geword wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as haar primêre onderrig- en assesseringstaal gebruik het.

Ilze het die graad BEd Algemene Onderwys in Grondslagfase-onderrig voltooi. Haar lesings is intyds in SAGT getolk. Die Fakulteit Opvoedkunde, Taalsentrum, Eenheid vir Gestremdhede en Departement Algemene Taalwetenskap het almal saamgewerk om te sorg dat Ilze gradueer. Klik hier vir die volledige storie.

## 2.4 Voorgraadse FGGW-toewydingsplegtighede

Die voorgraadse toewydingsplegtighede van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het op 13 Desember 2021 op Tygerbergkampus plaasgevind.

Altesaam **397 studente** het hulle in die openbaar daartoe verbind om die waardes van die Fakulteit en van die gesondheidsberoepe waarvan hulle sal deel word te handhaaf. Die Sentrum vir Studenteadministrasie (Tygerbergkampus) is deur die dekaanskantoor en FGGW se Afdeling Bemarking en Kommunikasie bygestaan om die sukses en Covid-voldoening van die twee toewydingsplegtighede te verseker.

Die geleenthede is ook regstreeks gestroom ter wille van familie, vriende, skenkers en personeel. Die Gesondheidswetenskappe-plegtigheid van die oggend is 2 507 keer gekyk, en die middag se MBChB-plegtigheid 4 542 keer.

## 2.5 Verbreed toegang met nuwe aansoekproses

Die nuwe aansoekproses het die Universiteit ’n vroeë aanduiding gebied van aansoekers se voorneme om vir ’n bepaalde program in te skryf. Dít was ’n eerste, en ’n nuttige meganisme om inskrywings te bestuur. Aansoekers moes ook hulle finale aanbiedinge in Januarie ná die vrystelling van die matriekuitslae aanvaar. Dít het fakulteite in staat gestel om voor registrasie bykomende aanbiedinge uit te reik.

Hoewel algehele aansoekgetalle meer as verdubbel het (’n toename van 143%), het die swart Afrikaan- en bruin aansoekerpoel die grootste toenames getoon. Swart Afrikaan-aansoekers het viervoudig toegeneem, terwyl bruin aansoekers byna verdubbel het (*sien tabel hieronder*).

| Bevolkingsgroep | Volledige aansoeke 2021 | Aansoeke ingedien 2022 | % toename |
|---|---|---|---|
| **SA** | 21 236 | 51 864 | 144% |
| **Swart Afrikaan** | 7 133 | 30 975 | 334% |
| **Bruin** | 4 201 | 8 097 | 93% |
| **Indiër/Asiër** | 1 427 | 2 001 | 40% |
| **Wit** | 8 193 | 9 568 | 17% |
| **Internasionaal** | 1 483 | 3 388 | 128% |
| **Groottotaal** | **22 719** | **55 252** | **143%** |

## 2.6 Toelatingsaanbiedinge

Toelatingsaanbiedinge het oor die algemeen met 39% toegeneem. Die getal aanbiedinge aan swart Afrikaan-aansoekers het egter meer as verdubbel. Die volgende tabel vergelyk die getal aanvaarde aanbiedinge vir inname 2021 met die getal studente wat vir inname 2022 ten minste een aanbod ontvang het.

| Bevolkingsgroep | Aanbiedinge aanvaar 2021 | Ten minste een aanbod ontvang 2022 | % toename |
|---|---|---|---|
| **SA** | 11 828 | 16 578 | 40% |
| **Swart Afrikaan** | 2 813 | 5 817 | 107% |
| **Bruin** | 1 990 | 2 737 | 38% |
| **Indiër/Asiër** | 926 | 1 086 | 17% |
| **Wit** | 5 916 | 6 531 | 10% |
| **Internasionaal** | 786 | 995 | 27% |
| **Groottotaal** | **12 614** | **17 573** | **39%** |

## 2.7 Registrasie- en fooiewebblad

Die registrasie- en fooiewebblad was ’n doeltreffende digitale kontakpunt om sowel nuweling- as terugkerende studente akkurate en gebruikervriendelike inligting te bied. Inligting wat voorsien is, het verband gehou met die registrasieproses, klas- en koshuisgeld, betaalmoontlikhede, die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS), en hoe om ’n afspraak by ons administratiewe personeel te maak. Die blad het van 23 November 2021 tot 6 Februarie 2022 altesaam 220 187 besigtigings van 62 091 besoekers ontvang.

Kliëntedienste het ook weer ’n eksterne dienspunt buite die Admin A-ingang voorsien om studente en ouers sonder afsprake by te staan.

## 2.8 Inskrywings deur nuwelingeerstejaars

Die sirkeldiagramme hieronder vergelyk inskrywings volgens bevolkingsgroep in 2022 en 2021 op grond van amptelike registrasiesyfers. Data is soos aan die einde van die onderskeie registrasietydperke, d.w.s. 12 Maart 2021 en 12 Februarie 2022.







Die groter getal studente in die kategorie "Weerhou" is as gevolg van 'n stelselverandering wat nie meer van internasionale studente verwag om hulle etnisiteit te verklaar nie.

Van 2021 tot 2022:

- het inskrywings deur swart Afrikane met 48,07% toegeneem, van 803 tot 1 189;
- het bruin inskrywings met 17,97% toegeneem, van 907 tot 1 070;
- het Indiër-inskrywings met 3,95% toegeneem, van 177 tot 184; en
- het wit inskrywings met 1,06% toegeneem, van 3 106 tot 3 139.




Die huidige inskrywingspersentasie van 41,8% uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)groepe is die hoogste in die tydperk 2018 tot 2022 (*sien staafgrafiek langsaan*).

## 2.9 Verwelkoming 2022

Nuwelingstudente is gedurende die eerste twee weke van Februarie 2022 welkom geheet en alle Covid-19-protokolle is deurgaans nagekom.

Ek en die Studenteraadsvoorsitter, Viwe Kobokana, het nuwe studente amptelik op 3 Februarie by die Danie Craven-stadion verwelkom. Studente is oor twee plegtighede versprei. Die program is in Engels, Afrikaans en Xhosa aangebied en ons nuwe handelsmerkidentiteit was op alle baniere en vlae te sien. Die geleentheid is ook regstreeks op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Studente het ná die tyd aan die **Droomloop** in Victoriastraat deelgeneem.

Daarbenewens is 'n kommunikasieveldtog van stapel gestuur om alle voornemende studente maklike toegang te bied tot volledige inligting oor die verwelkomingstydperk, studentesteundienste en verskeie ander kampusverwante aspekte. Die veldtog is op 'n toegewyde webtuiste en deur drietalige sosialemediaplasings gevoer. Die Engelse webtuiste het van 23 November 2021 tot 6 Februarie 2022 altesaam 62 968 besoekers ontvang, waaronder 20 935 gereelde besoekers. Die Afrikaanse weergawe het in dieselfde tyd 8 585 besoekers gehad, wat 2 521 gereelde besoekers ingesluit het.

Die verwelkomingstydperk het op 12 Februarie 'n hoogtepunt bereik met 'n aangepaste weergawe van Vensters in die Coetzenburgsentrum, en is amptelik afgesluit toe klasse op 14 Februarie begin.

## 2.10 Institusionele transformasiekomitee vir studente

Die Institusionele Transformasiekomitee vir studente is gestig om studenteverteenwoordiging te verseker by kwessies wat transformasie aanspreek. Tydens die transformasie-indaba aan die einde van 2021 is besluit dat die komitee saamgestel sal word uit studenteleiers uit verskeie universiteitstrukture. Die proses is in oorleg met die ko-kurrikulumkantoor begin.

## 2.11 Implementering van Taalbeleid in studentegemeenskappe

Die gesprek oor die implementering van ons Taalbeleid in studentegemeenskappe het in 2021 heelwat aandag ontvang.

Strukture is geskep sodat studentegemeenskappe elke semester oor hulle gebruik van taal kan verslag doen. Hulle verslae help ons verstaan hoe gemeenskappe wat uit uiteenlopende lede bestaan meertalige praktyke ontwikkel om kommunikasie in hulle daaglikse werksaamhede te ondersteun.

## 2.12 Gesprekke oor meertaligheid in studentegemeenskappe

**Helga Sykstus en Sanet de Jager** van die Taalsentrum het in Januarie as deel van die Sentrum vir Studentegemeenskappe se ResEd-sessies ’n interaktiewe praatjie oor meertaligheid met koshuisleiers aangebied. Dít was die eerste van ’n hele aantal beplande interaksies om ons koshuisinwoners met die meertalige konteks aan die US vertroud te maak.

Koshuisleiers het die positiewe en negatiewe konnotasies van die konsep meertaligheid bespreek. Hulle het ook nagedink oor hoe meertaligheid as ’n instrument kan dien om meer inklusiewe, meer diverse en sterker studentegemeenskappe op kampus te bou. Van die voorstelle het ingesluit:

- die gebruik van QR-kodes op plakkate of ander kommunikasie om skriftelike of oudiovertalings te voorsien;
- die fasilitering van eweknietaallesse sodat inwoners mekaar se tale kan aanleer;
- die hersiening van huisliedere om dit meer inklusief te maak;
- die aanbieding van speletjiesdae waar inwoners speletjies eie aan hulle kulture en tale aan mekaar kan bekend stel; en
- die skep van koshuiswoordeboeke met inwoners se ‘woorde of frases van die week’ in verskillende tale.

## 2.13 Kritiese digitale pedagogieë in die soeklig

Ons Beplanningsgroep vir Kritiese Digitale Pedagogieë het vroeër vanjaar vir die eerste keer byeengekom. Die doel van die groep is om bewustheid te skep van die belang van kritiese digitale pedagogieë in kurrikulumontwerp en studenteskakeling.

Kritiese digitale pedagogieë verwys na genetwerkte opvoedkundige omgewings wat sowel studente as opvoeders as agente van leer betrek in plaas daarvan om as blote bewaarplekke vir leermateriaal te dien.

Die beplanningsgroep beoog om ’n paar inisiatiewe voor te stel wat transformerende praktyke in die digitale ruimte kan bevorder. Hoewel die groep in die Sentrum vir Leertegnologieë geleë is, sluit dit ook kollegas van die Sentrum vir Onderrig en Leer en die fakulteite Natuurwetenskappe en Opvoedkunde in.

## 2.14 Sessie oor gestremdheidsteun aangebied

Die Eenheid vir Gestremdhede het in die verwelkomingstydperk in Februarie ’n instapsessie aangebied vir gestremdheidsverwante navrae in die algemeen, en vir studente wat hulptegnologieë vereis in die besonder.

Onder die sowat 40 kliënte wat bygestaan is, was studente met gestremdhede sowel as hulle vriende, ouers en mentors. Kwessies wat geopper is, het gestrek van uitdagings om by groepsaktiwiteite in die Privaatstudenteorganisasies (PSO’s) in te skakel, tot probleme met koshuistoegang, en bystand met leergestremdhede en hulptegnologieë.

Die Eenheid sal die hele jaar deur voortgaan om studente met gestremdhede te ondersteun.

## 2.15 Eweknie-leerfasilitering

’n Eerste kohort studente het aan die einde van 2021 die kortkursus in eweknie-leerfasilitering voltooi. Die 134 studente sal in 2022 op hulle transkripte amptelike erkenning vir hierdie ko-kurrikulêre aktiwiteit ontvang. Ons Sentrum vir Onderrig en Leer bied die kursus in vennootskap met die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSEOB) aan.

## 2.16 Monitering van geslagsgebaseerde geweld

Die US het nou ’n institusionele Komitee vir die Monitering van Geslagsgebaseerde Geweld. Sodra hulle opdrag goedgekeur is, sal die pas gestigte komitee ons instelling se vordering in die stryd teen geslagsgebaseerde geweld begin moniteer. Vir dié doel sal hulle met die voorsitters van fakulteitstransformasiekomitees ontmoet, waar inisiatiewe teen geslagsgebaseerde geweld aangemeld, bespreek en ondersteun sal word.

Vordering sal gemoniteer word aan die hand van die doelwitte in ons universiteit se voorgestelde strategiese plan teen geslagsgebaseerde geweld, sowel as die DHOO se Beleidsraamwerk oor Geslagsgebaseerde Geweld in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingsektor. **Dr Zethu Mkhize**, hoof van die Transformasiekantoor, sal as komiteevoorsitter dien.

In ’n verbandhoudende ontwikkeling het die Eenheid vir Gelykwaardigheid ’n aanlyn opname oor seksuele teistering en geslagsgebaseerde geweld van stapel gestuur om die omvang en aard van seksuele viktimisasie onder ons studente te bepaal.

## 2.17 Siyakhula ResEd-program

Die interaktiewe reeks Siyakhula ResEd-werksessies stel nuwelinge bekend aan kritiese gesprekke oor drie kerntemas wat met ons Imbizo-skakelingskalender strook. Die temas vanjaar was (i) toegang/gestremdheidsbewustheid, (ii) gender, seksualiteit en die stryd teen geslagsgebaseerde geweld, en (iii) sosiokulturele bewustheid.

Huiskomiteelede met die portefeulje kritiese skakeling het die werksessies gedurende ons verwelkomingstydperk in Februarie in hulle onderskeie koshuise en PSO-ruimtes gefasiliteer. Hiervoor het hulle twee weke voor nuwelinge se aankoms behoorlike opleiding van die Transformasiekantoor en die Afdeling Studentesake ontvang.

## 2.18 Matie-atlete blink uit

Baie van ons studente-atlete het verlede jaar gegradueer. ’n Aantal atlete het hulle ook by nasionale en provinsiale spanne aangesluit.

Matie-**netbalspeler Nicola Smith** het in Januarie haar debuut vir die Proteas gemaak in die Quad-reeks in Engeland en is onlangs ook as die Kaapse Wynland se sportvrou van die jaar aangewys.

Daarbenewens het die Kaapse Wynland-netbalspan wat verlede jaar die Spar Nasionale Netbalkampioenskapstoernooi gewen het agt Maties ingesluit (vyf huidiges, drie voormaliges). Nichole Taljaard, die US se sportvrou van die jaar vir 2021, is as doelgooier van die toernooi aangewys.

**Rugbyspelers Paschal Ekeji en Thomas Bursey** het vir die eerste keer vir Westelike Provinsie uitgedraf, terwyl Munier Hartzenberg sy debuut vir die Griekwas gemaak het. Op die krieketveld is die snelbouler **Anda Dilima** vir die Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-)span gekies ná sy voortreflike USSA-vertoning in Desember 2021.

Die Matie-**vrouehokkiespeler Stephanie Botha** het in Januarie haar eerste wedstryd vir Suid-Afrika by die Afrikanasiesbeker (AFCON) 2022 gespeel en saam met haar span geseëvier. Saam met haar was ons vrouehokkiehoofafrigter, **Lenise Marais**, wat as hulpafrigter vir die Suid-Afrikaanse span gedien het. Boonop het ons **manshokkiespelers Peter Jarvis, Jacques van Tonder, Neil Raath en Aiden Tun** teen die einde van November 2021 aan die FIH Wêreldbekertoernooi vir juniors in Indië deelgeneem.

Laastens was ons **vrouewaterpolospelers Hannah Calvert** en **Jen Everett** in die middel van November 2021 deel van die Suid-Afrikaanse span by die Europese Unie (EU) se Nasiestoernooi in die Tsjeggiese Republiek.

## TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024:* “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As ’n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

### 3.1 Innovus

’n Proses om ons **Beleid insake die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die US** te hersien het in die laaste kwartaal van 2021 begin. ’n Taakgroep is saamgestel om die proses te bestuur, en ’n verwysingskomitee dien as adviesliggaam. Ná ’n aantal vergaderings met die verwysingskomitee word die voorgestelde veranderinge nou by ’n finale konsep van die hersiene beleid ingesluit. Innovus sal die institusionele oorlegpleging- en goedkeuringsproses in die loop van 2022 aanvoor.

Nóg ’n beleid wat tans hersien word, is die **Beleid insake die Ontginning van Intellektuele Eiendom**. Dié beleid ondersteun die kommersialisering van ons kundigheidsbasis sowel as tegnologieoordrag. Kampuswye kommentaar sal as deel van die hersiening ingewin word.

Innovus sal ook ’n **nuwe kitsbystandsdiens vir beginnerondernemings** van stapel stuur. Dit is in die vorm van ’n aanlyn platform vir nuwe US-maatskappye en bied nuttige instrumente, dokumente, verduidelikende video’s en sekretariële steundienste. Maatskappye ontvang persoonlike toegang tot

template vir enigiets van sakeplanne en finansiële ontledings, tot agendas en notules vir direksie- en aandeelhouersvergaderings, beleggersvoorstelle, maatskappywaardasies, werksooreenkomste, lisensiëringskontrakte en diensvlakooreenkomste. Die aanbod sluit boonop belastingvorms en leiding met handelsmerk- en patentregistrasie in.

Laastens het die **LaunchLab** vir die eerste keer sedert sy totstandkoming VVRBDA-winsgewendheid bereik (d.w.s. verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie). Terselfdertyd het die LaunchLab-span verdubbel, en het die entiteit aandele in sewe beginnerondernemings bekom (drie van die US, en vier van oor die hele Afrika). Die LaunchLab gaan boonop voort om entrepreneurs te bemagtig: Hy het onlangs sy vierde 'oefenkamp' in datawetenskap en entrepreneurskap aangebied, en sy Countdown-program het 40 spanne van die vasteland bygestaan om die geldigheid van hulle vroeë sake-idees te bepaal.

## 3.2 Stellenbosch Netwerk

Stellenbosch Netwerk dryf 'n agt maande lange mentorskapsprogram vir entrepreneurs wat voornemende mentors en mentees met mekaar help verbind. Die klem val daarop om swart mikro-entrepreneurs sowel as innovasieverwante entrepreneurs die geleentheid te bied om hulle ondernemings uit te bou.

Die program het teen die einde van 2021 nege mikro-entrepreneurs van mentorskappe voorsien wat deur die Kleinsake-akademie van ons Bestuurskool gefasiliteer is. Die doelwit vir 2022 is om tot 20 mikro-entrepreneurs op dié manier by te staan.

## 3.3 Ontwikkelings in AUDA-NEPAD Sentrum van Uitnemendheid

Sedert die AUDA-NEPAD Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskap, Innovasie en Tegnologie in 2021 tot stand gebring is, het AUDA-NEPAD, die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) en die US daarop gekonsentreer om die sentrum ten volle in bedryf te kry.

'n Belangrike fokusgebied die afgelope paar maande was om die nodige menslike hulpbronne te voorsien. AUDA-NEPAD het **dr Olalehan Akinbo en me Susan Dada** as onderskeidelik kantoorhoof en vennootskapsbestuurder aan die sentrum afgestaan, en albei het in dié tyd na Stellenbosch verhuis. Daarbenewens het US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika me **Simohn Engelbrecht** aangewys as koördineerder van innovasie-uitbouing om saam met **dr Nico Elema** in die sentrum te werk.

Boonop was daar opvolgvergaderings met projekleiers by sowel die US as die WNNR om verdere stukrag te verleen aan die uitbouing van innovasies, en om 'n aanvanklike tien innovasies te identifiseer op grond waarvan projekvoorstelle opgestel kan word.

## 3.4 ADA Somerskool

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) Aanlyn Somerskool was die sesde ten volle aanlyn ADA-skool wat sedert Julie 2020 aangebied is. Die geleentheid het oor drie weke in Januarie en Februarie 2022 plaasgevind.

Altesaam 130 deelnemers het ingeskakel. Die 14 kortkursusse het 213 deelnemers gelok (deelnemers het vir verskeie sessies ingeskakel), wat van 17 lande, onder meer 15 Afrikalande, gekom het. Net meer as die helfte van die deelnemers was van Suid-Afrika, en Uganda, Namibië en Ghana was ook sterk verteenwoordig. Meer as die helfte was boonop onder 40-jarige ouderdom.

Die kursusse het oor verskeie onderwerpe op die gebied van navorsingsontwerp en -metodologie, skryfwerk sowel as wetenskaplike publikasie en kommunikasie gehandel. Aanbieders was van die US, KU Leuven (België), Trinity College Dublin (Ierland), die Universiteit van St Gallen (Switserland), die

Universiteit van Cambridge (Verenigde Koninkryk), en die universiteite van Michigan en Nebraska (Verenigde State).

Deelnemers wat hetsy besig was met doktorate of reeds hulle doktorsgraad verwerf het van 26 universiteite gekom. Die grootste kohort huidige en oud-PhD-studente was van die US (44% van alle deelnemers), gevolg deur Makerere-universiteit in Uganda (5%), die Tshwane Universiteit vir Tegnologie en die universiteite van Ghana, Namibië en Pretoria (4% elk). Deelnemende universiteite van buite Afrika het die Universiteit van Coventry (Verenigde Koninkryk), Eindhoven Universiteit vir Tegnologie (Nederland) en die Universiteit van Bonn (Duitsland) ingesluit.

## 3.5 Keniaanse Sportakademie besoek Stellenbosch

**Paul Tergat**, wat deur baie as een van die beste langafstandatlete ter wêreld beskou word, en wat die IAAF-landloopwêreldkampioenskapstoernooi van 1996 op Stellenbosch gewen het, het Maties Sport in Desember 2021 besoek.

Die besoek – meer as ’n kwarteeu ná sy sege – was in sy hoedanigheid as voorsitter van die Keniaanse Sportakademie. Die doel was om toekomstige samewerkingsgeleenthede te ondersoek en kennis met Maties Sport uit te ruil. Klik hier vir verdere inligting.

## 3.6 Onderriggenootskappe en -bevordering

Ons het ons onderriggenootskappe in 2009 ingestel met ’n tweeledige doel: om voortreflike akademici ’n geleentheid te bied om hulle onderrigkennis uit te bou, en om die uitbreiding van die akademieskap van onderrig en leer by die Universiteit aan te moedig. Sedertdien het ons 17 genootskappe toegeken. ’n **Verdere twee genote** – **dr Marnel Mouton en prof Susan van Schalkwyk** – is in November 2021 vir die tydperk 2022 tot 2024 aangewys.

Dr Mouton van Plant- en Dierkunde sal vir haar genootskap bestudeer hoe die Verlengde Graadprogram in Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde by die US tot studentesukses bydra. Prof Van Schalkwyk, direkteur van die Sentrum vir Gesondheidsberoepsonderwys, sal op haar beurt ondersoek hoe doktorale onderwys aan die US en in Suid-Afrika versterk kan word. Albei sal hulle by die Onderriggenoteforum aansluit en aan die kwartaallikse forumvergaderings deelneem.

Daarbenewens is **dr Albert Strever** (Wingerd- en Wynkunde) en **dr Nkosinathi Gule** (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) in November benoem om die US vir die tydperk Julie 2022 tot September 2023 in die nasionale **program vir onderrigbevordering aan universiteite** te verteenwoordig. Hulle navorsing sal met ’n Universiteitsvermoëbouprogram- (UCDP-)inisiatief by die US óf ’n institusionele strategiese onderrig-en-leerprojek verband hou.

## 3.7 US–UK–FirstRand-vennootskap vir gestremdheidsopleiding

Die US, die Universiteit van Kaapstad (UK) en FirstRand sal saamwerk aan opleiding vir gestremdheidsondersteuning by instellings deur die hele Suid-Afrika. Die opleiding is hoofsaaklik afgestem op universiteite wat hetsy nog nie eenhede vir gestremdheid by hulle instellings tot stand gebring het nie, of wie se eenhede minimale dienste lewer. Die projek sal drie jaar duur.

## 3.8 Skryflaboratorium se werksessies weer in kontakvorm

Die Skryflaboratorium keer terug na kontakvorm vir hulle werksessies in skryfvaardighede. Vier sulke werksessies is in November 2021 aangebied. Twee daarvan is ekstern gehou by onderskeidelik die Universiteit van Zululand en Nelson Mandela-universiteit. Nietemin sal die aanlyn aanbod ook voortgaan.

Die werksessies in skryfvaardighede help magister- en doktorale studente op verskeie vakgebiede doeltreffend skryf en redigeer. Altesaam 50 werksessies is reeds vir 2022 geskeduleer.

## 3.9 Samewerking deur Nadoktorale Kantoor

Die Nadoktorale Kantoor in ons Afdeling Navorsingsontwikkeling sal met die Noord-Carolina-staatsuniversiteit ("NC State") saamwerk aan hulle akademie-tot-bedryf-program. Dié program betrek sowel die akademie as die bedryf om nadoktorale genote se loopbaan- en professionele vaardighede te bou.

Die Kantoor het in September 2021 ook met NC State en ander lede van die Verenigde State se nadoktorale vereniging saamgewerk om Nasionale Nadoktorale Waarderingsweek Suid-Afrika aan te bied – 'n eerste vir ons land én vasteland.

## 3.10 US Museum

Die US Museum het in die verslagtydperk **twee groot uitstallings** aangebied, naamlik die Universiteit van Fort Hare se versameling en die Samuele Makoanyane-tentoonstelling.

Die Fort Hare-versameling is vroeg in Desember teruggestuur na Alice in die Oos-Kaap. Die projek het gelei tot die ondertekening van 'n universiteitswye samewerkingsooreenkoms tussen die US en Fort Hare wat deur die US Museum gefasiliteer is. Die Makoanyane-uitstalling was op sy beurt 'n ervaringsuitstalling wat deur studente van ons Departement Visuele Kunste geskep is.

As deel van sy openbare programaanbod bied die US Museum ook steeds **opvoedkundige programme** aan om 'n demokratiese sowel as kritiese publieke burgerskap te kweek. Die Museum het byvoorbeeld op 1 Desember 2021 'n praatjie aangebied deur Francois Lion-Cachet, kurator van die kunsversameling van die Konstitusionele Hof, wat lede van die publiek oor hierdie belangrike nasionale versameling opgevoed het.

Ná die afsterwe van emeritus aartsbiskop Desmond Tutu in Desember het die **SABC boonop 'n** nuusinsetsel **heruitgesaai oor 'n US Museum-uitstalling van 2016** wat die spirituele leier se bydrae tot sosiale geregtigheid gedokumenteer het. Die Museum het voorheen ten nouste met die Desmond & Leah Tutu-stigting saamgewerk as deel van die Ubuntu-projek om museums en gemeenskappe met mekaar te verbind.

## 3.11 US Woordfees, WOW en US Koor

Die **Toyota US Woordfees** het die fisiese fees na die tweede semester verskuif in die hoop dat alle Covid-beperkings in die loop van die jaar opgehef sal word. Die voorlopige datums is 10 tot 15 Oktober. Volgens plan sal DStv in Julie ook weer 'n opwipkanaal, Woordfees TV, aanbied.

**Woorde Open Wêrelde (WOW)** sal sy samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport aan die Year Beyond-projek in Atlantis voortsit. Hierdie oorbruggingsprojek konsentreer op professionele en persoonlike ontwikkeling, en het 42 jeugdeelnemers. Woordfees en WOW het ook in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys 'n werksessie vir 70 opvoeders in die uitvoerende kunste aangebied. Dit is oor die naweek van 28 Januarie op Stellenbosch aangebied, en het daarna vir die naweek van 4 Februarie na Kaapstad verskuif.

Die **US Koor** gaan voort om erkenning te verwerf. By die skryf van hierdie verslag is hulle jongste video, *Jerusalema*, nagenoeg 650 000 keer op YouTube gekyk.

## 3.12 Sosiale Impak-kennisplatform

Die Sosiale Impak-kennisplatform (SIKP) is steeds 'n sentrale verwysingspunt om sosiale impak 'n kerndeel van ons universiteitsbedrywighede te maak. Die SIKP dien as 'n gids van US-inisiatiewe vir sosiale impak. Die grafieke hieronder bied 'n oorsig van inisiatiewe wat tans op die platform geregistreer is:

**Inisiatiewe volgens fakulteit**




**Inisiatiewe volgens volhoubare-ontwikkelingstema**




Intussen het ’n geleentheid hom voorgedoen om ’n nuwe elektroniese platform te skep wat van groter institusionele waarde sal wees. Die SIKP sal tot en met die middel van 2023 in stand gehou word, en word tans hersien. Die hersiening sal as die grondslag vir die ontwikkeling van die nuwe, verbeterde platform dien.

## 3.13 SDG/2063 Hub

Die SDG/2063 Hub – ’n sentrum vir volhoubare-ontwikkelingsimpak – is geleë in US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika. Die doel van die Hub is om te sorg dat die volhoubaarheidsdoelwitte van die Verenigde Nasies se Agenda 2030 sowel as die Afrika-unie se Agenda 2063 bevorder word deur die US se deelname aan internasionale bi- en multilaterale vennootskappe en konsortiums.

**Me Corina du Toit** is in die verslagtydperk as die projekbestuurder vir die Hub aangewys. ’n Konsepbedryfsplan is ook opgestel, wat op 3 Februarie 2022 vir verdere oorlegpleging en terugvoer voor die Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisering gedien het.

# TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie kern strategiese tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek."

## 4.1 Voorstelle en 'n vennootskap vir hibridiese leer

Fakulteite het in reaksie op die jongste versoek vir aansoeke 'n aantal nuwe hibridieseleer- (HL-) nagraadse programme, modules en leereenhede voorgestel. Die HL-beheerkomitee het alle aansoeke deeglik oorweeg.

Projekte wat **finansiering ontvang het**, sluit in die herontwerp van die Nagraadse Diploma (NGDip) in Toksikologie (vir implementering in 2023) en die stelselmatige ontwikkeling van nuwe nagraadse diplomas in Akwaponika en Landelike Gesondheid. Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het ook finansiering bekom vir hulle eerste projek, naamlik die module Kennisvaardighede, wat op eerstejaars in programme oor verskeie fakulteite afgestem is. Die figuur hieronder toon die HL-aanbiedinge wat tot op hede geïmplementeer is en ontwikkel word.




Twee nuwe HL-programme is met welslae in die eerste kwartaal van 2022 van stapel gestuur – die NGDip in Infeksiesiektes in samewerking met Dokters Sonder Grense, en die gestruktureerde Magister in Ingenieurswesebestuur.

Om uitgesoekte HL-aanbiedinge van die US boonop aan ’n wêreldwye gehoor te bemark, het ons **’n vennootskap met** edX aangegaan. Hierdie gasheer van aanlyn kursusse op universiteitsvlak is ná ’n streng tenderproses as ons internasionale medewerker gekies. Die vennootskap bied ons potensiële toegang tot edX se meer as 40 miljoen gebruikers in 196 lande, en plaas ons in die geselskap van sommige van die voorste akademiese instellings en nieregeringsorganisasies ter wêreld (*sien figuur langsaan*).




Ons werk reeds ten nouste saam met edX om ’n mededingende kursusportefeuljestrategie op te stel op grond van hulle omvattende markintelligensie oor onderwystendense vir verskeie teikenleerdergroepe. Die eerste projekte sal ‘aptytwekkerkursusse’ wees om belangstelling te prikkel in ons kredietdraende aanbiedinge en kortkursusse.

## 4.2 Gesamentlike skole en akademieskap met Afrikavennote

Ons het in 2021 **drie gesamentlike skole** met ons vennote in Kenia, Nigerië en Rwanda aangebied. Altesaam sowat 200 afgevaardigdes het hierdie skole bygewoon, en meer as 20 fasiliteerders het die sessies aangebied.

Die gesamentlike skole val onder die Inisiatief vir Ontluikende Akademici (ESI) van US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap (ACS). Die doel van die inisiatief is om die US se bande met ons vennootinstellings te versterk, mobiliteit tussen vennote te verhoog, en geleenthede vir groter samewerking te skep.

Die skool saam met die Universiteit van Rwanda, wat in November plaasgevind het, is deur 83 afgevaardigdes bygewoon. Rwanda het agt fasiliteerders voorsien. Die US is op sy beurt verteenwoordig deur **prof Liezel Frick** (Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys), **prof Sarah Howie** (ACS), **prof Brigitte Smit** (’n gereelde bydraer tot die Afrika Doktorale Akademie, of ADA), **dr Marina Joubert** van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST), sowel as **Selene Delport** en dr **Rose Richards** van die Skryflaboratorium.

Samesprekings is boonop in November met die universiteite van Ghana en Namibië sowel as Makerere-universiteit (Uganda) aangevoor om oor **moontlike gesamentlike skole in 2022** te gesels. Die eerste skool word vir die eerste semester beplan. Vyftien ESI-gefinansierde beurse is ook aan afgevaardigdes van hierdie universiteite toegeken vir bywoning van die ADA Somerskool, wat op 4 Februarie 2022 ten einde geloop het.

Daarbenewens is die ACS **deur die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) genader** oor moontlike samewerking met AIMS-vakkundiges oor die hele vasteland. Aanvanklike samesprekings is aan die gang, onder meer planne vir US-personeel om in Maart 2022 tot vermoëbouwerksessies vir navorsers en studente van AIMS Kigali by te dra.

## 4.3 Uitgebreide leerruimtes

Die projek vir uitgebreide leerruimtes (ELS) beoog om ál ons skeduleerbare lesinglokale met oudiovisuele toestelle en stelsels toe te rus sodat dosente lesings kan stroom terwyl hulle van aangesig tot aangesig klas gee.

Installasie in 67 lokale oor nege fakulteite is reeds voltooi. Weens die omvang van die projek word aangewese instrukteurs opgelei om dosente touwys te maak. Sowat 76 kollegas van oor die hele kampus is tot op hede vir dié doel opgelei.

Volledige gebruikersriglyne is op die webtuiste van die Sentrum vir Leertegnologieë te kry. Fakulteitsgebaseerde inligtingstegnologiebestuurders is ook van ’n korter riglyndokument voorsien wat op klaskamerkateders geplaas sal word.

# TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

## 5.1 Nadoktorale Navorsingskonferensie van Suider-Afrika

Die tweede Nadoktorale Navorsingskonferensie van Suider-Afrika is van 10 tot 12 November 2021 aanlyn aangebied. Altesaam 152 afgevaardigdes van 14 lande, waaronder die Verenigde State, Verenigde Koninkryk en die Verenigde Arabiese Emirate, het ingeskakel. Die konferensie het gehandel oor huidige en toekomstige navorsing in ’n post-pandemiewêreld.

**Prof Eugene Cloete,** Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, het die verwelkomingsrede gelewer. Hy het klem gelê op die belangrike rol van nadoktorale genote, sowel as op die leiersrol wat die US vervul om inisiatiewe te ontwikkel vir bewusmaking van, en die bou van finansieringsmeganismes ter ondersteuning van, nadoktorale genote in Suid-Afrika en op die res van die vasteland. **Prof Tulio de Oliveira** van ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke was die hoofspreker.

## 5.2 Nóg NNS-gegradeerde navorsers vir die US

Die US ondersteun die graderingstelsel van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Ons beskou dit nie net as ’n kwalitatiewe, portuurbeoordeelde maatstaf van uitnemendheid nie, maar ook as ’n manier om toegang tot mededingende NNS-finansieringsprogramme te bekom.

Vir die huidige graderingsrondte is 91 US-aansoeke by die drie navorsingsubkomitees ingedien. Altesaam 51 daarvan was aansoeke om herevaluering van ’n bestaande gradering, en 40 was nuwe aansoeke.

Die getal graderingsaansoeke wat ons jaarliks by die NNS indien, is sedert 2020 betreklik konsekwent (*sien grafiek langsaan*).




Teen Februarie 2022 het die Universiteit 459 NNS-gegradeerde navorsers gehad. Aangesien die NNS verlede jaar ’n aantal van hulle paneelvergaderings moes uitstel, wag ons nog op die uitslag van 36 aansoeke.

# TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is ons mense ons eerste "instaatsteller" – ’n element "wat alles moontlik maak". Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: "Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt."

## 6.1 Senior aanstellings

**Prof JL van Niekerk** is met ingang van 1 Julie 2022 vir ’n verdere termyn van vyf jaar as dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese aangestel.

Die Rektoraat het teen die einde van 2021 ook die proses vir die heraanstelling van die dekane van die fakulteite AgriWetenskappe en Regsgeleerdheid aangevoor. **Prof Danie Brink** se eerste termyn as dekaan van AgriWetenskappe eindig op 30 Junie 2022, en **prof Nicola Smit** se eerste termyn as Regsdekaan verstryk op 31 Julie 2022. Die onderskeie fakulteitsrade sal oor die heraanstellings geraadpleeg word, waarna die Rektor in sy hoedanigheid as voorsitter van die Senior Aanstellingskomitee die finale besluit sal neem.

## 6.2 Personeelwelstand

Die sperdatum vir personeellede om verlede jaar se US-opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk te voltooi, is uiteindelik tot 3 Desember 2021 uitgestel. Die doel van die opname is om personeellede se welstand en geluksvlakke by die werk te bepaal en hulle mening oor die kultuur en klimaat in die US se werksomgewing in te win.

Die Kantoor vir Werknemerwelstand het boonop gedurende die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld met MFM, FAMSA en die Eenheid vir Gelykwaardigheid saamgewerk om ’n veldtog op ál ons kampusse van stapel te stuur wat geweld teen vroue en kinders veroordeel.

## 6.3 Intreelesingreeks

Die Rektoraat en Dekaansforum het in Maart 2021 besluit om die intreelesings wat in 2020 uitgestel is te prioritiseer, en dit – onderworpe aan die heersende inperkingsvlak – in hibridiese formaat aan te bied.

Altesaam elf intreelesings is teen die einde van 31 Desember 2021 aangebied. Die lesings is op hetsy die intreelesingwebblad of YouTube te kry.

## SLOT

Soos hierdie verslag duidelik toon, het die akademiese jaar 2022 vinnig en voorspoedig weggespring. Ons akademiese aktiwiteite keer merendeels terug na kontakleer en -onderrig, wat sommer nuwe lewe in die akademiese projek blaas. Daarbenewens beloof die erns en geesdrif wat ons strategiese beplanningsessie gekenmerk het goed vir ons toekomstige sukses en volhoubaarheid.



**Prof Wim de Villiers,**
**Rektor en Visekanselier**

## BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

### Meningsartikels (3 November 2021 tot 23 Februarie 2022)

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Former homelands left to go to seed | Business Day (3 Nov) |
| Ferdi Meyer<br><br>Tracy Davids | Buro vir Voedsel- en Landboubeleid/Landbou-ekonomie<br><br>Buro vir Voedsel- en Landboubeleid | Vegetable oils expose hitches in farming localisation policy | Business Live (3 Nov) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | Pit latrines and lack of access to clean water at schools is a national outrage | Daily Maverick (3 Nov) |
| Prof Johann Kirsten | Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) | So werk die proses vir gehaltemerke | Landbouweekblad (4 Nov) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Die knieval: Van versetsimbool tot opvoerigheid? | LitNet (4 Nov) |
| Prof Lindy Heinecken | Sosiologie en Sosiale Antropologie | South Africa’s liberation war veterans are angry: here’s why | The Conversation (5 Nov) |
| Dr Harlan Cloete | Skool vir Publieke Leierskap | Time for biggest losers (ANC and DA) to co-govern | News24 (9 Nov) |
| Melvi Todd | PhD-student (Voedselwetenskap) | Five reasons South Africa isn’t ready for health claims on food labels | The Conversation (9 Nov) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | As God en gedigte lepellê | Die Burger (10 Nov) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Communication of the agriculture master plan key | The Herald (10 Nov) |
| Dr Harlan Cloete | Skool vir Publieke Leierskap | No one-size-fits all for coalition government | Cape Times (11 Nov) |
| Dr Callixte Kavuro | Publiekreg | Stateless Rwandan refugees are nomads ‘in orbit’ as they wander the globe, fearing retribution | Daily Maverick (11 Nov) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | ’n Bietjie omgee beteken baie | Netwerk24 (12 Nov) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Time for all parties to reset, focus | City Press (14 Nov) |
| Proff Annie Zemlin & Rajiv Erasmus<br><br>Prof Tandi Matsha-Erasmus | Chemiese Patologie/Nasionale Gesondheidslaboratorium-diens<br><br>Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie | Laboratory tests in diabetes mellitus – past, present and future | Health24 (15 Nov) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Boesak-toespraak aan DAK Netwerk: belowend, met enkele probleme | LitNet (16 Nov) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Cooperating boosts agricultural exports | Business Day (17 Nov) |
| Prof Mark Tomlinson | Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Child rights and the daily life of children: Eight things we know | Mail & Guardian (17 Nov) |
| Prof Sarah Howie | Afrikasentrum vir Akademieskap | Africa must do more to develop doctoral students | Cape Times (18 Nov) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | Om te midde van verval te bly hoop | Beeld (19 Nov) |
| Dr Harlan Cloete | Skool vir Publieke Leierskap | All eyes must be on politicians | Cape Times (19 Nov) |
| Dr Ashenafi Fanta | Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) | Rethinking financing Africa’s development | Business Live (20 Nov) |
| Dr Hanél Sadie-van Gijsen | Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika | Magnesium: an underrated mineral for improved sleep and mental health | Health24 (22 Nov) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Mark Swilling | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange | Play the game, not the man: Eskom's André de Ruyter needs all the support he can get if loadshedding is to become a thing of the past | Daily Maverick (23 Nov) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Higher food prices not the doing of domestic farmers | The Herald (24 Nov) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Ek is ook 'n inkommer | Beeld (27 Nov) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | Dié steun daar vir Maties | Netwerk24 (27 Nov) |
| Prof George Claassen | Joernalistiek | Covid-19 exposed media's need for a Daubert Standard on science reporting | News24 (27 Nov) |
| Wandile Sihlobo<br><br>Johann Kirsten | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie<br><br>BEO | How to narrow the big divide between black and white farmers in South Africa | The Conversation (30 Nov) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | La Nina rains herald generous harvests | Business Day (1 Des) |
| Prof Amy Slogrove | Pediatrie en Kindergesondheid | It's a question of equity: Time to talk about children who are HIV-exposed and 'HIV-free' | Health24 (1 Des) |
| Dr Tainã Gonçalves Loureiro | Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie/Sentrum van Uitnemendheid in Indringerbiologie | How we found a way to track alien marine species along South Africa's coast | The Conversation (1 Des) |
| Edwin Cameron | Kanselier | After 40 years of AIDS, equality remains central to quelling a still-potent epidemic | Daily Maverick (1 Des) |
| Prof Josephine Kaviti Musango | Skool vir Publieke Leierskap | As Africa undergoes massive urbanisation, local governments must plan for sustainable household energy transition | Daily Maverick (1 Des) |
| Deney Williams | BEd-student | Liewe eerstejaar, moenie in die sous verdwaal nie! | Netwerk24 (1 Des) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | The furore over Miss South Africa's decision to compete in Israel: here's a feminist critique | The Conversation (2 Des) |
| Dr Deon Neveling | Biochemie | Swapping probiotics for antibiotics: how it could be a game changer for chickens, and us | The Conversation (2 Des) |
| Dr Armand Bam | USB | The inclusion fallacy for people living with disabilities | News24 (3 Des) |
| Tian Alberts | Magisterstudent (Regte) | Inperking is politici se keuse. Inenting moet ons keuse bly. | Rapport (5 Des) |
| Prof Keymanthri Moodley | Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg | Vaccine mandates in South Africa: where are they most needed? | The Conversation (7 Des) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Agile regulatory system key to agricultural productivity | The Herald (8 Des) |
| Zoë Chapman Poulsen<br><br>Dr Alanna Rebelo<br><br>Prof Tony Rebelo | Universiteit van Kaapstad<br><br>Bewaringsekologie & Entomologie<br><br>Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut | Science-based ecological restoration crucial to stemming biodiversity loss in Cape's threatened lowland fynbos | Daily Maverick (8 Des) |
| Prof Martina Meincken | Bos- en Houtkunde | An African violin? New study tests which indigenous woods could make one | The Conversation (8 Des) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Sascha-Dominik Bachmann<br><br>Dr Dries Putter | Universiteit van Canberra<br><br>Fakulteit Krygskunde | Hybrid warfare is on the rise globally. Might South Africa's Eskom be its latest victim? | The Conversation (9 Des) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Joernalistiek, die waarborg vir feite – en die waarheid en vertroue | Netwerk24 (9 Des) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Duitse tjek soos bok op 'n klipaltaar in Windhoek? | Vrye Weekblad (10 Des) |
| Florence de Vries | Bemarking en Kommunikasie (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) | Die lewe deur 'n filosofiese lens | Vrye Weekblad (10 Des) |
| Proff Peter Rule, Eli Bitzer & Liezel Frick | Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys | Reimagining the global scholar in times of crisis | University World News (11 Des) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | So werk US se beleid oor taal | Rapport (12 Des) |
| Prof Deresh Ramjugernath | Viserektor: Leer en Onderrig | US verduidelik Taalbeleid | Die Burger (14 Des) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Farm exports could hit a record high | Business Day (15 Des) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Grasping the De Klerk moment | Financial Mail (15 Des) |
| Bertus van Heerden<br><br>Prof Johann Kirsten | Melkprodusenteorganisasie<br><br>BEO | Waarom SA boere nie kan meeding | Landbouweekblad (16 Des) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | We must focus on peacebuilding if we are to reconcile | News24 (16 Des) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | Striving towards an inclusive future at our universities | Cape Times (17 Des) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | 'n Rebelse wandellied | Beeld (18 Des) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Will ubuntu prevail? | City Press (19 Des) |
| William Sezoe | BEd-student | Afrikaans red – van wie? | Netwerk24 (22 Des) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Niemand vra dat US taal moet red nie, mnr Moos | Netwerk24 (23 Des) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Observations from my drive to the Wild Coast from Pretoria | Business Live (23 Des) |
| Prof Steven Robins | Sosiologie en Sosiale Antropologie | 'Rights of Nature': A fundamental challenge to the world as we know it | Daily Maverick (6 Jan) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Good policies and incentives needed to end South Africa's agricultural dualism | Farmer's Weekly (7 Jan) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | It's time we tackled the anger within us | City Press (9 Jan) |
| Lulama Ndibongo Traub<br><br>Dr Edward Mabaya<br><br>Wandile Sihlobo | Landbou-ekonomie<br><br>Cornell-universiteit<br><br>Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | What it will take for Africa's agrifood systems to thrive | The Conversation (11 Jan) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | One main question in my wannabe Zen mind: who captured who? | Business Live (11 Jan) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Ware vryheid kom van binne | Die Burger (15 Jan) |
| Dr Debra Shepherd<br><br>Nompumelelo | Ekonomie<br><br>PhD-student | How Covid is affecting school attendance in South Africa: piecing together the puzzle | The Conversation (18 Jan) |

| **OUTEUR** | **VAN (omgewing of afdeling)** | **OPSKRIF** | **PUBLIKASIE (klik vir artikel)** |
|---|---|---|---|
| Mohohlwane | (Opvoedingsbeleidstudie) | | |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | South African farming: new policy offers promise, but there's fixing to be done too | The Conversation (20 Jan) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Die klas van 2021 bied hoop vir Suid-Afrika | Netwerk24 (22 Jan) |
| Dr Guy Lamb | Politieke Wetenskap | Will 2022 be the SAPS's watershed year? | News24 (26 Jan) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | What Cyril should do at Sona | Business Live (27 Jan) |
| Prof Pregala Pillay | Visedekaan in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Corruption has eroded integrity | IOL (27 Jan) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Jaap Durand: a moment to reflect on the chequered history of the University of the Western Cape | The Conversation (29 Jan) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | Jaap Durand: A daring, servant leader who never journeyed alone | News24 (29 Jan) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Pasop vir die hond! | Netwerk24 (29 Jan) |
| Prof James Gibson<br><br>Prof Amanda Gouws | Universiteit van Washington<br><br>Politieke Wetenskap | Desmond Tutu's legacy and the TRC: Can truth reconcile a divided nation? | Daily Maverick (30 Jan) |
| Hein Wyngaard | Magisterstudent (Joernalistiek) | DA's ever-moving goalposts | City Press (30 Jan) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | The decolonisation of knowledge | Leadership (1 Feb) |
| Prof Vikash Sewram | Afrika-kankerinstituut | Cancer is universal, but the heaviest burden falls on the developing world — we must do more to close the gap | Daily Maverick (3 Feb) |
| Bertus van Heerden<br><br>Prof Johann Kirsten | Melkprodusenteorganisasie<br><br>BEO | Why the dairy sector is cheesed off | Business Live (3 Feb) |
| Michelle van der Merwe<br><br>Prof Anna-Mart Engelbrecht | Magisterstudent (Fisiologiese Wetenskappe)<br><br>Fisiologiese Wetenskappe | Do the 'powerhouses' of cancer cells hold some keys to personalised cancer treatment? | Health24 (4 Feb) |
| Dr Selina Palm<br><br>Laurie Gaum | Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkelingsnavorsing<br><br>Nederduitse Gereformeerde Kerk | Tutu's dream of a church where all belong | Mail & Guardian (4 Feb) |
| Prof Carine Smith | Kliniese Farmakologie | Zebrafish research reveals green rooibos tea's anxiety-busting properties | The Conversation (5 Feb) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | Gelowiges moet ent | Netwerk24 (8 Feb) |
| Prof Thinus Booysen | Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese | Weaning ourselves off fossil fuels is all very well, but then there's loadshedding ... | Daily Maverick (8 Feb) |
| Dr Jantjie Xaba | Sosiologie en Sosiale Antropologie | Social capital and economic empowerment: Lessons for black South Africa from the Afrikaners of Vanderbijlpark | Daily Maverick (8 Feb) |
| Heindrich Wyngaard | Magisterstudent (Joernalistiek) | Staatsrede: Cyril, sal jy ons brandende rampstaat red? | Netwerk24 (10 Feb) |
| Dr Linda Zuze | IDinsight Suider-Afrika/ Navorsingsgroep oor Sosio-ekonomiese Beleid | The gender dimension to pandemic recovery | News24 (11 Feb) |
| Dr Collette Schulz-Herzenberg | Politieke Wetenskap | Ramaphosa delivers clear analysis of South Africa's problems. But will he act on them? | The Conversation (11 Feb) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
| --- | --- | --- | --- |
| Dr Guy Lamb | Politieke Wetenskap | South Africans are feeling more insecure: do Ramaphosa's plans add up? | The Conversation (11 Feb) |
| Heindrich Wyngaard | Magisterstudent (Joernalistiek) | Vasgevang in 'n genadelose maalkolk van ellende | Rapport (13 Feb) |
| Prof James Lloyd<br><br>Prof Dave Berger<br><br>Dr Priyen Pillay | Genetika<br><br>Universiteit van Pretoria<br><br>Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad | South Africa should rethink regulations on genetically modified plants | The Conversation (15 Feb) |
| Prof Hassan Mahomed | Wes-Kaapse Departement van Gesondheid/ Afdeling Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid | Prevention key in epidemic preparedness | Cape Times (17 Feb) |
| Prof Eftyhia Vardas | Mediese Virologie | Covid-19 self-testing: it's time developing countries took the leap | The Conversation (17 Feb) |
| Dr Neil Jordan & Krystyna Golabek<br><br>Dominik Behr<br><br>Laura Plimpton<br><br>Megan Jane Claase | Universiteit van Nieu-Suid-Wallis<br><br>Universiteit van Zürich<br><br>Universiteit Columbia<br><br>Fakulteit Natuurwetenskappe | African wild dogs have a feeding queue: why it makes sense | The Conversation (17 Feb) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | Covid-19 has wreaked havoc with social justice — but we can and must effect change through bold policymaking | Daily Maverick (17 Feb) |
| William Sezoe | BEd-student | Skoleseminaar en die Wysigingswetsontwerp: Lesufi is die brein agter Afrikaans se verkragting | LitNet (17 Feb) |
| Nicci Claassen | BRek (Honneurs)-student | Liefde is ... om skaaptjoppies te braai! | Netwerk24 (18 Feb) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | 'Doen nét jou bes': dis wat kinders dan hoor | Die Burger (19 Feb) |
| Prof Henry Lerm<br><br>Prof Ethelwynn Stellenberg | Nelson Mandela Universiteit<br><br>Verpleeg- en Verloskunde | South African doctors call for law reform, fearing a harsh penalty if patients die | The Conversation (21 Feb) |
| Dr Simthembile Xeketwana | Kurrikulumstudie | It's time to end the neglect of our indigenous languages | Cape Times (21 Feb) |

## Rubrieke (3 November 2021 tot 23 Februarie 2022)

| OUTEUR | VAN (afdeling of omgewing) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
| --- | --- | --- | --- |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | The future of space | Finweek (5 Nov) |
| | | Verstaan jy syfers? | Rapport (14 Nov) |
| | | How to build a climate change-secure business | Finweek (26 Nov) |
| | | Tyd om optimisties te wees | Rapport (12 Des) |
| | | 'n Jurassic Park vir Robbeneiland | Rapport (9 Jan) |
| | | Die droom is steeds 'n werk, want dit dwing agting af | Rapport (13 Feb) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Ons leef in 'n tyd van onheil | Netwerk24 (16 Nov) |
| | | Maxeke se stryd is ook óns stryd | Netwerk24 (30 Nov) |
| | | 'n Laaste hulde aan FW de | Die Burger (14 Des) |

| OUTEUR | VAN (afdeling of omgewing) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| | | Klerk | |
| | | Tutu was ons morele kompas | Netwerk24 (28 Des) |
| | | Brand simbolies van die anargie | Netwerk24 (11 Jan) |
| | | Só saal Sisulu op vir die stryd | Die Burger (25 Jan) |
| | | RDK het Maya onguns bewys | Netwerk24 (8 Feb) |
| | | Nóg ’n onveilige ruimte vir vroue | Netwerk24 (22 Feb) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Red flag: SA is ripe for capture by right-wing authoritarianism | Times Live (3 Nov) |
| | | Medical varsity is dying from protests, is in dire need of life-saving surgery | Times Live (10 Nov) |
| | | Calculating to the end, FW botched his last chance to free himself | Times Live (17 Nov) |
| | | Welcome to uMngeni, where the New SA is at last dawning | Times Live (24 Nov) |
| | | Travel bans against SA are about racism and nothing else | Times Live (1 Des) |
| | | Make the circle bigger but safe before it’s too late | Times Live (8 Des) |
| | | As I met Stellenbosch University's top medical students, I knew SA was in good hands | Times Live (16 Des) |
| | | Bah humbug to those yuletide killjoys | Times Live (23 Des) |
| | | ‘We are going to pray’: How the Arch brought me to tears as UFS vice-chancellor | Times Live (29 Des) |
| | | Beware the perpetually happy — and happy new year! | Times Live (6 Jan) |
| | | This will give your views on struggle-era spies a Shaik-up | Times Live (9 Jan) |
| | | Hey, Angie, get those kids fully and safely to school | Times Live (12 Jan) |
| | | Don’t be fooled, this is why AfriForum wants the matric results printed | Times Live (19 Jan) |
| | | Beaches, where SA strips down and shows how its body has matured | Times Live (26 Jan) |
| | | You want to ban books? Well, the Bible had better be top of your list | Times Live (2 Feb) |
| | | Read this for meaning, Institute of Race Relations | Times Live (9 Feb) |
| | | Black self-hatred hurts nobody but ourselves | Times Live (16 Feb) |
| Dr Donald Katts | Praktiese Teologie en Missiologie | Daar is hoop te midde van al die wanhoop | Netwerk24 (1 Des) |
| | | Wens en werk vir beter nuwe jaar wat voorlê | Netwerk24 (29 Des) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Vennootskappe vir beëindiging van die geweld | Die Burger (24 Nov) |
| | | Ons herdenk die fees van God se liefde | Netwerk24 (22 Des) |
| | | Twee moeders se glo-woorde vir ’n nuwe jaar | Netwerk24 (19 Jan) |
| | | Prof Durand se geloof vir ons ’n groot troos | Die Burger (16 Feb) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Suster Lucie se projek snoer almal saam | Netwerk24 (9 Nov) |
| | | Hoë uitvalsyfer skep ‘kinders | Die Burger (23 Nov) |

| OUTEUR | VAN<br>(afdeling of omgewing) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| | | van die wind’ | |
| | | As swaeltjies kom kuier, is dit tyd vir rus | Die Burger (7 Des) |
| | | Covid-19-pandemie help gebreke in onderwysstelsel heel | Netwerk24 (21 Jan) |
| | | Harde werk lê nou voor | Netwerk24 (9 Feb) |
| Prof Reggie Nel | Dekaan van Teologie | De Klerk wys bekerings is nog moontlik | Die Burger (17 Nov) |
| | | Speel geloof ’n rol in geweld teen vroue? | Netwerk24 (12 Jan) |
| Hugo Pienaar | BEO | Ná ergste van Covid wink afgrond steeds langs SA se klipperige herstelpad | Vrye Weekblad (12 Nov) |
| | | Klemverskuiwing in die ANC bied hoop vir slimmer keuses | Vrye Weekblad (10 Des) |
| | | ’n Jaar van skuld, rente en inflasie | Vrye Weekblad (14 Jan) |
| | | Meer geld beteken dalk die staat kan eers wag met hoër belasting | Vrye Weekblad (11 Feb) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Stemreg behels veral ook plig | Die Burger (9 Nov) |
| | | FW: ’n Skepper van geskiedenis | Die Burger (23 Nov) |
| | | Die ewige stryd om ware geloof | Die Burger (7 Des) |
| | | Ons planeet ’n gevaarlike plek | Netwerk24 (21 Des) |
| | | Desmond Tutu se groot geheim | Netwerk24 (4 Jan) |
| | | ’n Gekrap waar dit nie jeuk nie | Die Burger (19 Jan) |
| | | Tyd hardloop weg met ons | Die Burger (1 Feb) |
| | | Woede lei tot al die brande in SA | Die Burger (15 Feb) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie | Besin met herdenking van slawe se vrystelling oor verlede én toekoms | Netwerk24 (9 Des) |
| | | Gesprek oor Krotoa moet voortgaan | Vrye Weekblad (22 Des) |
| | | Elke uitdaging kan ’n geleentheid word | Netwerk24 (6 Jan) |
| | | Wees teenwoordig in dié nuwe fase van jou kind se lewe | Netwerk24 (27 Jan) |

## MEDEWERKERS

Die verslag is saamgestel deur **Naudé van der Merwe**, Bestuurskommunikasiespesialis in oorleg met **Desmond Thompson**, seniorbestuurskommunikasiespesialis, **Prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **Mohamed Shaikh**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat.
Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hul medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer.
Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

**Biblioteek- en Inligtingsdiens**: Ilse de Lange

**Eenheid vir Gelykwaardigheid:** Jaco Brink, Qaqamba Mdaka, Michelle Munro, Jill Ryan

**Fasiliteitsbestuur**: Nicolette van den Eijkel, Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht, Nadeem Gafieldien, Francois Swart, Dan Prata, en Madelein Malan

**Finansies**: Manie Lombard, Linda Keating, Karen Strauss

**Informasietegnologie**: Dr Denisha Jairam-Owthar

**Inligtingsoorsigbestuur**: Leon Eygelaar, Jerusha Naidoo, Jerall Toi en Dr Wilhelm Uys

**Innovus/SUNCOM**: Anita Nel, Hein Swanepoel, Joshua Romisher, Carol Kat, Madelein Kleyn, Doris Peters

**Kantoor van die Bedryfshoof**: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

**Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking**: Dr Alec Basson, Marguerite Cloete, Christelle Feyt, Marick Hornsveld, Candes Keating, Martin Viljoen en Michelle Swart (studentewerwing)

**Leer- en Onderrigverryking**: Dr Antoinette van der Merwe, Miné de Klerk, Erina Basson, Arné Binneman, Shannon Bishop, Sanet de Jager, Erica George, Christine Joubert, Michelle Pieters, Juanli Theron, Kim Wallmach, Charmaine van der Merwe, Nicoline Herman, Sim Ntwasa, Gerda Dullaart, Anthea Jacobs, Claudia Swart Jansen van Vuuren, Melanie Skead, Jean Farmer, Karin Cattel-Holden, Dr JP Bosman, Zainab Suliman, Sonja Strydom en Magriet de Villiers

**Maties Sport**: Ilhaam Groenewald en Kimara Singh

**Navorsingsontwikkeling**: Maryke Hunter Hüsselmann

**Strategiese Inisiatiewe**: Dr Barbara Pool

**Studentesake**: Dr Choice Makhetha, Pieter Kloppers, Anele Mdepa, Dr Dominic Mentor en Dr Marcia Lyner-Cleophas. Saamgestel deur Ayanda Ntuli

**US Internasionaal**: Dr Nico Elema, Prof Sarah Howie, Anisa Khan, Robert Kotzé, Sarah van der Westhuizen

**VS Leer en Onderrig**: Prof Deresh Ramjugernath, Maretha Joyce

**VS Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie**: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

**VS Registrateur**: Dr Ronel Retief, Gerhard Lipp, Jan du Toit, Dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Beire Kramer, Salot Hanekom, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Ruby Frans, Annemarie Muller, Stefne Franken, Robert Young, en Jonathan Blanckenberg

**VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**: Awethu Fatyela, Dr Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, Dr Zethu Mkize, Saartjie Botha, Bongani Mgijima, Natasha Coltman, Renee Hector-Kannemeyer, Chevaan Peters, Candice Andries, Dr Leslie van Rooi, Dr Craig Thompson, Dr Jo-Anne Kirby, Dr Lynne Julie, Anneke Van Heerden, Dr Haidee Williams, Shaun February, Ronita February, Tanya Green, Dr Melissa Janse van Vuren, Susan Crumpton, Valdene Southon, Dr Pierre Viviers, Shibu Mamabolo, Carmen Paynter, Marius Swart, Venessa Williams, Victor Mothobi, Joanne Williams en Prof Nico Koopman

**VS Strategie en Internasionalisering**: Prof Hester Klopper, Dr Wayne Muller